

15. Leerstellig

15.1 MEERDERHEIDSRAPPORT DEPUTATE LEERSTELLIG – PLEK VAN DIE VROU IN DIE KERK

1. Opdrag

Die opdrag aan die Deputate bevat vier hoofsaake:

- 1.1 **Onderzoek na die Skrif- en Belydenisgetroue lied** (Acta 2003:645, 6.2.2) “Die Sinode besluit dat die Deputate vir Leerstellige Sake opdrag ontvang om die hele saak van die sing van Skrifgetroue en Belydenisgetroue liedere in die erediens verder te ondersoek en die nodige riglyne moet stel vir hierdie tipe liedere.”
- 1.2 **Alternatiewe Nagmaalsformulier** (Acta 2003:637, 3) “Daar word gevolg gegee aan die Beskrywingspunt op die volgende wyse: Deputate word aangewys om studie te doen oor die moontlike daarstel van (‘n) alternatiewe ontwerp-nagmaalsformulier(e)” saamgelees met (Acta 2003:761, 11.2 – Aanwys van Deputate) “Alternatiewe Nagmaalsformulier”.
- 1.3 **Vertaling van Belydenisskrifte, Ondertekeningformuliere, ander Formuliere en gebede** (Acta 2003:639, E 1.1) “Gevolg word gegee ... deur dit aan die Deputate op te dra om al die liturgiese formuliere en die formuliergebede in eietydse Afrikaans te herversaal..” en (Acta 2003:234, 2.1) “Beredenering: By die Tussenkerklike Kommissie het 'n versoek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk om die gesamentlike Belydenisskrifte te herversaal gediën. Die versoek is gegrond op die feit dat taal 'n dinamiese kommunikasiegebeure is wat ongeveer elke 25 jaar sodanig verander dat dit herversaal noodsaak. Die TTK het 'n ad hoc kommissie saamgestel om 'n vooraf ondersoek te doen. Die kommissie het aanbeveel dat die vertaling 'n letterlike vertaling van de oorspronklike teks in lesersvriendelike, verstaanbare Afrikaans moet wees” saamgelees met (Acta 2003:761, 11.3 – Aanwys van Deputate) “Vertaling van Belydenisskrifte, Ondertekeningformuliere, ander Formuliere en gebede”.
- 1.4 **Die saak van “vrou in die kerk”** “Besluit: Die Deputaterapporte (3) sowel as die Kommissierapport word na die Deputate verwys vir verdere studie.” (Acta 2003:593).

2. Rapportering

Die verskillende opdragte is aan die subgroepe deurgegee en elke subgroep rapporteer self.

Rapport 1: Insake die plek van die vrou in die kerk – Rapporteur: Dr AJ Krüger

3. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem insake die vrou

3.1 Opdrag en interpretasie van opdrag

- 3.1.1 Sinode 2003 het drie Rapporte van die Deputate Leerstellige Sake ter tafel geneem. Die Deputate het wat die grootste deel van die Rapport betref 'n eenstemmige standpunt gehad. Ten opsigte van bepaalde punte was daar 'n minderheid- en meerderheid standpunt wat in die ander Rapporte weergegee is. Tydens die hantering van die Kommissierapport by die Sinode is sekere punte van die drie Deputaterapporte afgehandel, maar op 'n sekere stadium is besef dat alles nie staande die Sinode afgehandel sou kon word nie. Die drie Deputaterapporte sowel as die Kommissierapport is na die Deputate Leerstellige Sake vir verdere studie verwys.
- 3.1.2 Hierdie Deputate het geoordeel dat daar nie weer aandag gegee word aan punte in die Deputaterapport (2003) of Kommissierapport (2003) wat reeds deur Sinode 2003 afgehandel is nie, tensy daar problematiese gedeeltes of besluite na vore kom, wat weer aandag moet kry. Hierdie afgehandelde sake sluit verskeie eksegetiese riglyne, sowel as die besluit oor vroue in die diakenamp in. Oor die diakenamp word hier



slegs gerapporteer oor sake wat direk na die Deputate verwys is, soos veranderinge in die Bevestigingsformulier vir diakens.

- 3.1.3 In die Kommissierapport (Sinode 2003) is verskeie sake gemeld wat aandag moet geniet voordat besluite geneem kon word oor meer spesifieke sake in die Rapport voor Sinode 2003. Die Deputate het dus geoordeel om eerstens aandag te gee aan die sake wat uit die Kommissierapport na die Deputate verwys is, en dat daar eers dan, in die lig van bevindinge oor hierdie “onbeantwoorde vrae” aanbevelings gemaak sal word oor die onafgehandelde gedeeltes van die Rapport van die Deputate by Sinode 2003. Die ter saaklike gedeelte van die Kommissierapport lui (Acta 2003:591 [Elektroniese uitgawe]):

**** OPDRAG VOLGENS SINODE 2003 ****

Samevattende aanbevelings van die Kommissierapport

Die Sinode besluit in die lig van jarelange studie die volgende oor die plek van die vrou in die kerk:

1. Christus het die vrou na 'n gelykwaardige vlak met die man herstel. Dit word gesien in hoe die Skrif die vroue se geloofslawe, deel wees van die kring van Jesus se volgelingen, asook optrede as profetesse en getuies skets. Die GKSA onderneem om die waarde van die vrou soos deur die koms van Christus herstel, doelgerig in die kerkgemeenskap te erken en uit te leef. **(Hierdie punt is goedgekeur deur die Sinode.)**
2. In die Nuwe-Testamentiese tyd was vroue voluit deel van die gemeentes en het soos mans gawes van die Heilige Gees ontvang wat hulle in die gemeentes en in hulle huise kon aanwend. Getroude én ongetroude vroue het voluit deel aan Christus en aan diens in sy kerk gehad. Sommige vroue word verder as moeders sowel as versorgers in die fisiese behoeftes van Jesus en sy dissipels geteken. Kerke moet met oorgawe die rykheid van gawes wat vroue ontvang het in die gemeentes benut. **(Hierdie punt is goedgekeur deur die Sinode.)**
3. Die vrou is nie minderwaardig aan die man nie. Tog kry die hoofskap van die man (soos Christus Hoof van die man en gemeente is) in die huwelik besondere klem. Met hoofskap vertrou die Here in die huwelik 'n bepaalde liefdevolle leidinggewende verantwoordelikheid aan die man toe, sonder dat die man in sondige heerskappy oor sy vrou mag verval. Man en vrou moet aan mekaar onderdanig wees uit eerbied vir die Here (Ef 5:21). Die vrou moet in die huwelik helper wees en so in die gemeente optree dat sy haar man se hoofskap eerbiedig. **(Hierdie punt is goedgekeur deur die Sinode.)**
4. Die Sinode keur in die lig van die Skrif goed dat vroue wat die nodige gawes het as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word. Die Sinode oordeel verder dat bepaalde tekste soos Rom 16:2, 1 Tim 3:11 en 5:9-15 baie lank reeds in die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband 'n belangrike ondersteunende rol vir vroue in 'n besondere amp speel, alhoewel daar enersyds nie duidelike sekerheid bestaan nie, maar andersyds ook geen verbod op vroue in die amp van diaken geplaas word nie. **(Hierdie punt is goedgekeur deur die Sinode.)**
5. Die Kerkorde en Bevestigingsformuliere van die GKSA onderskei tussen die Woordbediening en toesighouding wat aan predikante en ouderlinge opgedra word, en die diakonale diens om die liefdesgemeenskap in Christus te laat lewe. Die predikant(e) en ouderlinge vorm die Kerkraad wat die gesag van Christus in die gemeente bedien. Die Sinode bevestig die onderskeid wat tussen die drie besondere dienste in die kerk bestaan. Hierdie onderskeid bring mee dat daar geen belemmering is vir vroue in die diens van die diaken nie. **(Hierdie punt is goedgekeur deur die Sinode.)**
6. Dit is duidelik dat vroue in die Nuwe-Testamentiese tyd ook met profetiese, leer en onderriggawes in die gemeentes opgetree het, maar dis nie duidelik hoe sy hierdie gawes in die lig van Skrifgedeeltes soos 1 Tim 2:12 en 1 Kor 14:34 moet uitleef nie.



- Die Sinode ondersoek die verskillende moontlikhede binne en buite die gemeente waarin die vrou haar profetiese-, leer- en onderriggawes kan gebruik. **(Hierdie punt is goedgekeur deur die Sinode.)**
7. Die Sinode wys Deputate aan om in die lig van die bevindinge van die afgehandelde studies in die GKSA die kerkregtelike implikasies te ondersoek wat die moontlike verkiesing van vroue as ouderlinge en beroeping van vroue as predikante sal hê. 'n Empiriese ondersoek van die praktyk waar vroue reeds in daardie dienste staan moet ook gedoen word. Die studie word onderneem in oorleg met Gereformeerde Kerke met wie die GKSA ekumenies een is. **(Hierdie punt is goedgekeur deur die Sinode.)**
 8. Die verhouding tussen man en vrou in die huisgesin (huwelik) word meermale in vergelyking met, of as metafoor, vir die verhouding tussen man en vrou in die "huisgesin van God" (gemeente) gebruik. So word bv die leiding in die gemeente aan die mans wat hulle huise goed kan regeer, opgedra (1 Tim 3:4; Titus 1:6,7). Die ouderlinge word "die bestuurders van die huisgesin van God" genoem. Studie oor die verhouding tussen die man en vrou in die huisgesin kan rigtinggewend wees vir soortgelyke verhoudinge in die "huisgesin van God". Die Sinode ondersoek die saak en gee riglyne aan die kerk daarvoor. **(Hierdie punt is goedgekeur deur die Sinode.)**
 9. Die besondere dienste (diaken, ouderling en predikant) is nie posisies van status in die kerk nie, maar wel vaste, georganiseerde en leidinggewende bedieninge waardeur die Here sy kerk lei en versorg. Die bedoelinge van die besondere dienste is om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in kerk en koninkryk (Ef 4:12). Die Sinode bevestig die dienskarakter van die besondere ampte en moedig kerke aan om die gedagte aan status teen te werk. Verder word kerke aangemoedig om gelowiges steeds toe te rus om diens te kan lewer tot opbou van die gemeente. **(Hierdie punt is goedgekeur deur die Sinode.)**
 10. Om in die besondere dienste te staan is nie vir elkeen wat dit begeer beskore nie. Daarom is bepaalde vereistes vasgestel – ook vir mans (1 Tim 3:1-7; 1 Tim 5:9-15). Die dienswerk moet tot eer van God en opbou van sy gemeente wees. In alle dienswerk moet die gesag van Christus as hoof van die kerk erken word. Die Sinode moedig kerke aan om opnuut daarop ag te slaan dat die vereistes wat die Skrif stel toegepas word wanneer diakens, ouderlinge en predikante verkies word. **(Hierdie punt is goedgekeur deur die Sinode.)**
 11. Die Sinode gee aan die te benoemde Deputate opdrag om die nodige wysigings in die Kerkorde en Bepalingingsformuliere vir diakens aan te bring. Die implikasies van die reëling van KO, art 38 vir hulpouderlinge moet verreken word. **(Hierdie punt is goedgekeur deur die Sinode.)**
 12. Die Sinode neem in ag dat daar verskillende bedieningsbehoefte in gemeentes van die GKSA bestaan, waarin uitsonderlike reëlings tov die verskillende dienste nodig mag wees. **(Hierdie punt is goedgekeur deur die Sinode.)**
 13. Die Sinode gee opdrag aan Deputate of 'n begaafde skrywer om 'n bevatlike riglyn vir Kerkrade en lidmate te publiseer waarin die neerslag van die Deputaterapporte van 1988 en 2003 vervat word. Praktiese riglyne om in die kerk die volheid van die gawes wat God aan vroue (en mans) gee te laat benut, word ook daarin vervat. **(Hierdie punt is goedgekeur deur die Sinode.)**
 14. Die gewete van gelowiges mag nie sonder die nodige oortuiging uit die Woord gebind word nie (NGB, art 32). Vorige studies binne die GKSA (tov die vereistes wat die Bybel stel, Kerkorde, Belydenis, kerkgeskiedenis, ens) het bevind dat vroue nie in die dienste van ouderlinge of predikante mag staan nie. Uit die Rapporte wat by hierdie Sinode gedien het, blyk dit egter dat daar sake soos die volgende is, wat verdere ondersoek noodsaak. Die Sinode gee opdrag aan die te benoemde Deputate om die volgende Sinode te adviseer oor die betekenis van die volgende ten opsigte van die vrou se betrokkenheid by die besondere dienste: **(Hierdie punt is goedgekeur deur die Sinode.)**
 - 14.1 In watter mate is 1 Kor 11:3 'n vertrekpunt vir die gesagsverhouding tussen man en vrou in die gemeente? Watter lyne kan bv na 1 Kor 14 en Ef 5 getrek word?

- 14.2 Hoe raak die hoofskap van die man ten opsigte van sy vrou in die huwelik, die beperking op die vrou ten opsigte van die regeeramp?
- 14.3 Die man as hoof moet die leiding neem in die huwelik. Hoe raak dit die funksionering van die verskillende dienste in die kerk?
- 14.4 In Ef 5:23 word die huweliksverhouding beskryf met die woorde: "Die man is die hoof van die vrou..." Watter implikasies het die huweliksverhouding vir die verhouding tussen getroudes in die gemeente, veral ten opsigte van die besondere dienste?
- 14.5 Die Skrif praat van die verhouding tussen die getroude mans en hulle vroue. Hoe raak dit die posisie van ander vroue in die gemeente?
- 14.6 Hoe kon vroue die gawe van profesie uitleef, terwyl hulle in die gemeente van Korinte moes "swyg" in die erediens (1 Kor 11:5, 12:10 & 14:33-34). Wat beteken dit vir vandag? Op watter wyse kan hierdie gawe tot opbou van die gemeente gebruik word?
- 14.7 Kan 1 Tim 2:11 as riglyn vir die toelating al dan nie van vroue as bedienaars van die Woord gebruik word? Verdere studie rakende die konteks waarbinne die uitsprake gedoen word kan moontlik lig werp.
- 14.8 Is daar Skriftuurlik onderskeid tussen die wyse waarop manlike en vroulike diakens hulle dienswerk verrig (1 Tim 3). Diepgaande ondersoek moet ook gedoen word na die persoon wat in Rom 16:7 as Junian (akk) aangedui word, maar wat, volgens die lig tot ons beskikking gedurende al die eeue (tot aan die einde van die 13de eeu) as 'n vrou ("Junia") beskou is (volgens 'n bepaalde aksentuering). Sy is volgens hierdie lesing as 'n vroue-apostel deur Paulus en ook onder die apostels in die algemeen geëer. Daar is 'n oorwig van kontemporêre eksegetiese wat haar ook as 'n vrou aanvaar. Wat was die aard van haar apostelskap? Watter lig werp dit op die vraag – veral op die vrou in die leeramp?

****** EINDE OPDRAG ******

- 3.2 Hieruit blyk dit dat die volgende sake deur u Deputate verder ondersoek moet word of aan aandag gegee moet word:
 - 3.2.1 By # 6 van die Kommissierapport: Die saak van die gebruik van profetiese-, leer- en onderriggawes deur die vrou
 - 3.2.2 By # 7 kom twee sake na vore: Kerkregtelike implikasies van vroue in die leer- en regeerampe en 'n empiriese ondersoek na die bevestiging van vroue in die ouderling- en predikantsamp, veral by kerke met wie ons ekumenies een is.
 - 3.2.3 By # 8 kom die saak van die analogie van die kerk met die huisgesin onder die soeklig
 - 3.2.4 By # 11 kom wysigings aan die Kerkorde en Bevestigingsformuliere na die tafel van die Deputate.
 - 3.2.5 By # 13 word opdrag gegee vir 'n bevatlike riglyn uit Rapporte Sinode 1988 en 2003, sodat kerke die gawes (ook van vroue) voluit in die gemeente kan mobiliseer.
 - 3.2.6 By # 14 kom agt sake na vore, wat hierbo volledig aangehaal is.

4. Sake waarvoor die Sinode moet besluit insake die vrou

4.1 Inleiding

4.1.1 Bevatlike riglyn

- 4.1.1.1 Die Sinode 2003 het die opdrag gegee om 'n bevatlike riglyn vir Kerkrade en lidmate te publiseer waarin die neerslag van die Deputaterapporte van 1988 en 2003 vervat word. Praktiese riglyne om in die kerk die volheid van die gawes wat God aan vroue (en mans) gee te laat benut, word ook daarin vervat (Acta 2003:592, 13).
- 4.1.1.2 Die Deputate het besluit om nie nou 'n publikasie voor te berei nie, enersyds om koste te bespaar en andersyds omdat daar nog enkele belangrike Skrifgegronde uitgangspunte is waarvoor die Sinode die besluitneming nog moet afrond.
- 4.1.1.3 Aangesien hierdie Rapport die derde Studierapport is wat oor die vroue in die kerk handel, het die Deputate besluit om 'n bevatlike samevatting van die Rapport van

1988 en 2003 te maak wat as 'n inleiding tot hierdie Rapport dien en as 'n bevatlike riglyn aan kerke. Na die besluitneming oor hierdie Rapport (2006) kan hierdie Rapport by hierdie inleiding bygewerk word om as riglyn aan kerkrade en lidmate deurgestuurd te word.

4.1.2 Die Skrifbeskouing as vertrekpunt

4.1.2.1 Skrifverklaring word ten diepste deur Skrifbeskouing bepaal. Dit is dus belangrik om die Skrifbeskouing wat ten grondslag van al drie Rapporte (1988, 2003 en 2006) lê duidelik te stel.

4.1.2.2 Die Bybel is die Woord van God

4.1.2.1.1 God self praat deur en vanuit die Bybel met ons met Goddelike gesag. Daarom moet die verklaarder van die Skrif voor die wil van God soos in die Bybel geopenbaar buig en nie daarna streef om die Bybel voor menslike wil te laat buig nie.

4.1.2.1.2 Die Heilige Gees is die eintlike Skrywer van die Bybel en daarom is die Bybel 'n onteenseglike eenheid.

4.1.2.1.3 Vanweë die eenheid van die Bybel moet die Skrifverklaarder die reël van Skrif-met-Skrif-vergelyking toepas. Die Heilige Gees is immers die eintlike Verklaarder van die Heilige Skrif.

4.1.2.1.4 Op grond van die eenheid van die Bybel word dit ook gehandhaaf dat God Homself nêrens in sy Woord weerspreek nie.

4.1.2.2 Die Bybel is God se Woord vir en deur mense

4.1.2.2.1 Dit het God behaag om Hom in sy Woord te openbaar in 'n verskeidenheid van boeke wat in verskillende tye deur verskillende skrywers geskrywe is. Daarom is dit nodig om beide die eenheid van die Skrif en die verskeidenheid van Skrifte te erken.

4.1.2.2.2 God het die Skrifte gerig aan mense van daardie tyd, in hulle betrokkenheid by die plek en tyd waarin hulle geleef het. Hy het die boeke van die Bybel dus nie tydloos laat ontstaan nie, maar tydgerig.

4.1.2.2.3 God het die Bybel vir mense gegee om te verstaan. Die deursigtigheid van die Skrif word dus gehandhaaf. Waar Skrifuitsprake vir die Skrifverklaarder nie heeltemal duidelik is nie, moet dit in die lig van duideliker uitsprake verstaan word.

4.1.2.3 Die Bybel is die ewige en altyd geldende Woord van God

4.1.2.3.1 Te midde van die tydgerigtheid van die Skrif het God die Skrifte gegee as sy openbaring aan alle mense van alle tye. Wat Hy in die Bybel oor Homself en sy wil aan die eerste ontvangers geopenbaar het, openbaar Hy deur dieselfde onveranderlike Bybel ook aan ons.

4.1.2.3.2 Nie elke Skrifuitspraak is bedoel om vir alle tye voorskriftelik te wees nie. Die besluit of 'n bepaalde voorskrif blywend is of nie, berus egter nie by die willekeur van die Skrifverklaarder nie, maar by wat God self in sy Woord toelaat.

4.1.2.3.3 Daar moet onderskei word tussen wat in die sentrum en op die periferie van elke Skrifuitspraak staan, sodat 'n saak wat in die Skrif net terloops vermeld word, nie in die verklaring tot sentrum verhef word nie. Die Skrifverklaarder mag 'n teks nie buite sy Skrifverband as bewysvoering vir 'n ander saak gebruik nie. Die gerigtheid (skopus) van 'n Skrifgedeelte moet deurgaans in gedagte gehou word. Die skopus hou verband met die besondere saak wat God in 'n bepaalde Skrifgedeelte aan ons wil openbaar.

4.1.3 'n Verdere belangrike vertrekpunt

4.1.3.1 In 1988 het die Deputate as inleiding tot hulle Studierapport die volgende belangrike vertrekpunt gestel: "Daar is nie 'n teks in die Bybel waarin spesifiek gesê word of vroue in die besondere ampte mag dien of nie, en nêrens is daar 'n Skrifuitspraak oor wie in die kerk "stemreg" het en wie nie. Wie dan 'n Bybelgefundeerde standpunt oor hierdie sake en oor die algemene plek van die

vrou in die kerk wil formuleer, is daarop aangewese om uit ander Skrifuitsprake afleidings te maak” (vgl Bylae, 1988:23).

4.1.4 Vroue in die Ou-Testamentiese tyd

- 4.1.4.1 Aan die begin het God die mens manlik en vroulik geskep (Gen 1:27) en die twee in ‘n baie nou verwantskap tot mekaar gestel (Gen 2:21-22).
- 4.1.4.2 In hierdie verhouding is die een nie minderwaardig ten opsigte van die ander nie (Gen 2:18: die vrou is “sy gelyke”; vers 23: “Een soos ek”). Albei is na die beeld van God geskep (Gen 1:27); albei ontvang die regeeropdrag van God (vs 28); albei is in die huwelik op mekaar aangewese (vs 24; 1 Kor 11:11). Dat Adam eerste geskep is en Eva tweede, toon ‘n bepaalde skeppingsorde of volgorde aan wat nie as rangorde verstaan moet word nie.
- 4.1.4.3 Tog is die vrou nie ‘n blote duplisering van die man nie. God het die twee juis met ‘n onderskeid geskep. Aan die onderskeid word uitdrukking gegee in differensiasie ten opsigte van die rol van die man en vrou in die huwelik. Die man is die een wat die primêre verantwoordelikheid dra en die inisiatief neem in die naamgewing (Gen 2:23); ook in die feit dat hy sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef (vs 24); sy vrou staan hom by as hulp wat by hom pas (vs 18). Hierdie differensiasie is noodsaaklik: sowel die man se taak as die van sy vrou is onontbeerlik vir die huwelik (1 Kor 11:11: “In die Here is die man nie sonder die vrou nie, en die vrou ook nie sonder die man nie”).
- 4.1.4.4 God het die leidinggewing van die man nie as heerskappy bedoel nie, maar as liefdesdiens (vgl die betekenis van “aankleef” in Gen 2:24: “met liefde aanhang”); op soortgelyke wyse het Hy die hulpwees van die vrou nie as slawediens bedoel nie, maar as gelykwaardige bystand (vs 18).
- 4.1.4.5 Die stelling oor die veranderde verhouding tussen man en vrou in Genesis 3:16 “...en hy sal oor jou heers” is geen voorskriftelike bevel of maatstaf nie. Die gelykwaardige verhouding tussen man as leier en vrou as hulp (Gen 2:18) is wel deur die sonde versteur, maar in Christus weer herstel (Ef 5:22,23; 2 Kor 5:17). Dat die man ‘n leidinggewende rol ten opsigte van die vrou inneem, is nie gevolg van die sonde nie maar van skeppingsordonnansie; dat die man in leidinggewende rol die vrou tiranniseer, is gevolg van die sonde. (Bylae 1988:31, 3.3.2).
- 4.1.4.6 Die sondige heerssug van die man oor die vrou tree in die Ou-Testamentiese samelewing duidelik na vore. Die vrou is as mindere van die man beskou op wetlike terrein (Eks 20:17; Deut 5:11; Num 27:8) en op maatskaplike terrein (Eks 21:3; 2 Sam 11:26; Spr 12:4; Gen 18: 2; Rig 19:26). Sy is nie as getuie in die hof aanvaar nie; in die sinagoge moes sy eenkant sit; in die tempel mag sy dit nie verder as die voorhof vir vroue waag nie. Volgens Rabbynse voorskrif moes die vrye Joodse man daagliks God dank: “Geprese is U, o God, dat u my nie gemaak het as ‘n heiden of as ‘n slaaf of as ‘n vrou nie!” (vgl Coetzee, in *Woord en Daad*, 1975:17). Daar is op die vrou neergesien en dit is as benede ‘n man se waardigheid beskou om in die openbaar self net met haar te praat.
- 4.1.4.7 Daar is in die Ou Testament voorbeelde van vroue wat ook die profetiese gawe ontvang het en dit in die openbaar beoefen het, byvoorbeeld: Miriam (Eks 15:20), Debora (Rig 4:4) en Hulda (2 Kon 22:14, 15). Twee vroue, Debora en Atalia (2 Kon 11) het ook in die regeeramp van rigter en koning gedien. Dit is wel so dat hierdie enkele vroue as uitsonderings aangedui kan word. In die lig van vroue se sosiaal-onderdrukkende posisie in die Ou-Testamentiese tyd is hierdie enkele uitsonderings tog ook merkwaardig.
- 4.1.4.8 Dit is wel so dat die Ou-Testamentiese dienste van koning en profeet nie direk met die Nuwe-Testamentiese dienste van ouderling en Woordbedienaar geïdentifiseer kan word nie. Dit kan nie direk op mekaar oorgedra word nie, want in Christus het hierdie dienste ‘n bepaalde vervulling verkry. Daar is dus nie ‘n direkte band nie, maar daar is wel ‘n indirekte verband in die sin dat die besondere dienste vir die

Nuwe-Testamentiese kerk wel bepaalde elemente van die Ou-Testamentiese dienste van profeet, priester en koning bevat.

4.1.5 Vroue tydens Jesus se lewe op aarde

- 4.1.5.1 Jesus ag vroue hoog ten spyte van hulle sosiale posisie in die destydse samelewing. Sy optrede teenoor vroue het die verlossende karakter van sy bediening beklemtoon. Hy het die vrou opgehef om saam met die man gelyk en gelykwaardig voor God te wees.
- 4.1.5.2 Jesus het in sy optrede gewys dat Hy die sondige vernedering van die vrou deurbreek. In teenstelling met die minderwaardige plek van die vrou in die destydse samelewing laat Hy vroue 'n belangrike plek in sy bediening inneem. Vroue is net soos mans voluit deur Jesus bedien met sy Woord (Matt 15:26; 20:20-23) en met sy genesing (Matt 8:15; Mark 1:31; 5:34; 7:29).
- 4.1.5.3 Jesus het vroue toegelaat en ook doelbewus gestuur om getuies van Hom te wees (Luk 24:9-10; Joh 20:17-18).
- 4.1.5.4 Vroue het Jesus en sy apostels bedien (Matt 8:15; Mark 12:42; Luk 8:3). Vroue was ongehinderd deel van die kring van volgelinge van die Here Jesus.
- 4.1.5.5 Die kruisdood en opstanding van Jesus Christus het groot implikasies vir die plek van die vrou in die kerk en samelewing gehad. In Christus het daar vir die gelowige vrou 'n nuwe vryheid gekom wat haar plek wat sy in die Ou-Testamentiese tyd gehad het, verruim en oortref het. Jesus se optrede jeens vroue was 'n bevestiging hiervan.

4.1.6 Vroue in die Apostoliese tyd

- 4.1.6.1 Van die begin af was vroue voluit deel van die gemeentes, is hulle sonder enige aanduiding van minderwaardigheid so erken en aangespreek, en het hulle aktief aan die aktiwiteite van die gemeentes deelgeneem (Hand 1:14; 5:14; 17:4,12; Rom 16:15; 2 Kor 6:18; 2 Tim 4:21).
- 4.1.6.2 Vroue het in al die gawes van die Gees gedeel en het ook hulle gawes in die gemeentes beoefen. Vroue het ook profetiese gawes ontvang en dit beoefen, net soos hulle ook in die gemeentelike lewe gebid het (Hand 2:17-18; 21:9; 1 Kor 11:5,13).
- 4.1.6.3 Soms het vroue die opdrag ontvang om te leer. Ouer vroue moes jonger vroue leer (Tit 2:4-5). Priscilla het deelgeneem aan die tuisonderrig van Apollos – 'n man wat 'n besondere diens in die kerk verrig het (Hand 18:26).
- 4.1.6.4 Dit word sonder verdere besonderhede genoem dat vroue hulpsdiens aan die apostels gelewer het. Priscilla was 'n medewerker van Paulus (Rom 16:3-4). Maria het baie vir Paulus gearbei (Rom 16:6). Euódia en Sintiché was sy medestryders in die evangelie (Fil 4:2-3). Triféna en Trifósa en Pérsis het in die Here gearbei (Rom 16:12).
- 4.1.6.5 Vroue was op 'n manier georganiseer by diakonale werk betrokke. So word daar in 1 Tim 3:11 spesiale vereistes vir sulke vroue uiteengesit (vgl 4.1.8)
- 4.1.6.6 Die weduwees wat gelys moet word (1 Tim 5:9) wys ook in die rigting van barmhartigheidswerk, veral as ons let op die vereistes waaraan sy moet beantwoord, bv dat sy ervaring moet hê van kinders grootmaak, van gasvryheid, van voetwassing en van hulp aan verdruktes (vgl 4.1.8).
- 4.1.6.7 Vroue het met van die apostels saamgereis om vir hulle te sorg (1 Kor 9:5).
- 4.1.6.8 'n Getroude vrou is nie minderwaardig ten opsigte van haar man nie en word in geestelike sake as die man se gelyke in die huwelik geag. In die beoefening van die vrou se gawes in die gemeente moet die vrou altyd so optree dat sy haar man se gesag en hoofskap nie miskien en verkleiner nie (1 Kor 14:34-35).

4.1.7 Bedieninge tot opbou van die kerk

- 4.1.7.1 Geestesgawes (charismata) is verskillende bekwaamhede en vermoëns van die Gees waardeur Hy elke gelowige in staat stel om met bepaalde bedieninge tot

- opbou van die kerk te werk (Ef 4:7; 1 Pet 4:10). Hy roep elke gelowige op om met sy gawes in die kerk diensbaar te wees. Die aanwending van die gawes mag nie verhinder word nie (1 Kor 12:7,21; 14:39; Ef 4:16; 1 Pet 4:10; HK, Son 21).
- 4.1.7.2 Besondere dienste (ampte) is vaste vorme van dienslewering wat God in sy kerk daargestel het. Hy doen dit ter wille van die goeie orde en leiding in die gemeente as liggaam van Christus. Hulle moet die lidmate oproep en toerus vir die beoefening van hulle geestesgawes.
- 4.1.7.3 Die besondere dienste is ook die uitoefening van geestesgawes. Hulle word daargestel deur 'n proses van Goddelike roeping, gemeentelike medewerking en aanwysing, duidelike opdraggewing en openlike bevestiging. Dit is nie alle geestesgawes wat in so 'n vaste diens tot ontplooiing gebring word nie. Elke lidmaat ontvang geestesgawes, maar nie almal word tot 'n besondere diens van diaken, ouderling of predikant geroep nie.
- 4.1.7.4 Die besondere dienste is nie 'n posisie van status nie, maar is dienswerk wat met nederigheid en getroue toewyding wil kniel om voete te was.
- 4.1.7.5 Christus is die enigste Hoof van die kerk (Ef 1:22; Kol 1:18) en met sy gesag regeer Hyself die kerk (HK, Son 21, 48; NGB, artt 27, 31, 32). Hy dra nooit sy gesag aan 'n mens oor nie, maar Hy roep wel mense met die nodige gawes tot die besondere dienste om sy gesag te bedien. Die gesag van die ouderling en predikant is altyd dienend van aard. Die gesag is "so sê die Here" en is nie geleë in die gesag van 'n persoon nie.

4.1.8 Vroue en diakonale werk

- 4.1.8.1 Sinode 2003 het in die lig van die Skrif dit goedgekeur dat vroue wat die nodige gawes het as diakens verkies en bevestig kan word. As ondersteunende Skrifgedeeltes vir hierdie besluit word na Rom 16:2, 1 Tim 3:11 en 1 Tim 5:9-15 verwys.
- 4.1.8.2 Romeine 16:1,2
- 4.1.8.2.1 In Romeine 16:1,2 skrywe Paulus: "Ek beveel ons suster Febe wat diaken is in die gemeente in Kenchreë, by julle aan. Ontvang haar soos dit mense wat in enige saak waarin sy julle hulp nodig kry, want sy was vir baie, en ook vir my, tot steun ('n beskermster)".
- 4.1.8.2.2 Die ondersteunende getuienis van Rom 16:1,2 word deur die Sinode 2003 met die volgende punte gemotiveer:
- a) Die woord vir diaken (diakonon) is in hierdie geval 'n manlike vorm wat vir Febe dui op 'n "tegniese"(generiese) gebruik van die woord, en dit terwyl daar beskikbare vroulike woorde is.
 - b) Die woorde "wat diaken is" word in die Griekse taal eerder as 'n statiese frase gebruik wat op die diensposisie dui, as wat dit op die aktiwiteit van dienswerk dui.
 - c) Die verbinding tussen diaken en die gemeente in Kenchreë plaas die verwysing van Febe se diakenskap buite die konteks van bloot persoonlike dienslewering.
 - d) Paulus se verwysing na haar as "beskermster" dui eweneens daarop dat sy 'n diaken met 'n erkende vorm van dienswerk was. Die woord "beskermster" kom van dieselfde stam as die woord "proistemi" wat in Rom 12:8 en 1 Tess 5:12 leidinggewing en voorgangerskap aandui.
- 4.1.8.3 1 Timoteus 3:8-13
- 4.1.8.3.1 In 1 Timoteus 3:8-13 gee Paulus vereistes waaraan 'n diaken moet voldoen. In hierdie gedeelte staan vers 11 wat oor vroue handel: "Net so moet vroue ook van goeie karakter wees, nie skinder nie, nugter en in alles betroubaar".
- 4.1.8.3.2 Sinode 2003 het geoordeel dat vers 11 in sy Skrifverband eerder na vroulike diakens verwys as na vroue van diakens. Beredenering ten gunste hiervan is:
- a) Vers 11 vorm deel van 'n eenheidstruktuur van vers 1-13 wat in die volgende drie dele ingedeel kan word:



vers 2-7: “n opsiener dan moet...”;
 vers 8-10: “net so diakens...”;
 vers 11: “net so vroue...”.

- b) Die feit dat hier oor vroue op ‘n gelyke en doelbewus parallelle wyse as oor die ouderlinge en manne-diakens gepraat word, weeg dus sterk ten gunste van vroue-diakens in vers 11.
- c) Die feit dat die eerste drie vereistes van die “diakens” en van die “vroue” basies dieselfde is, is ‘n sterk aanduiding dat hier nie van twee verskillende groepe sprake is nie. Die voornaamwoord “hulle” ontbreek. As dit in vers 11 oor vroue van diakens gegaan het, sou ‘n mens ‘n “hulle” voor vroue verwag het.

4.1.8.4 1 Timoteus 5:9

4.1.8.4.1 In 1 Timoteus 5:9 gee Paulus die volgende riglyn: “n Weduwee kan op die lys van dienende weduwees kom as sy minstens sestig jaar oud is en aan haar man getrou was”.

4.1.8.4.2 Die ondersteunende getuigenis van hierdie Skrifgedeelte vir die besluit rakende vroue-diakens is dat dit duidelik is dat sekere weduwees in die gemeentes ‘n besondere, erkende en georganiseerde taak verrig het.

- a) Hierdie weduwees is ordelik aangewys en hulle name is op ‘n lys geplaas.
- b) Die dienswerke van hierdie weduwees hou verband met diakonale werk en veral met die versorging van weduwees.

4.2 Profetiese-, leer- en onderriggawes

4.2.1 Opdrag

4.2.1.1 Dit is duidelik dat vroue in die Nuwe-Testamentiese tyd ook met profetiese, leer en onderriggawes in die gemeentes opgetree het, maar dis nie duidelik hoe sy hierdie gawes in die lig van Skrifgedeeltes soos 1 Tim 2:12 en 1 Kor 14:34 moet uitleef. Die Sinode ondersoek die verskillende moontlikhede binne en buite die gemeente waarin die vrou haar profetiese-, leer- en onderriggawes kan gebruik (Acta 2003:592, 6).

4.2.1.2 Hoe kon vroue die gawe van profesie uitleef, terwyl hulle in die gemeente van Korinte moes “swyg” in die erediens (1 Kor 11:5, 12:10 en 14:33-34). Wat beteken dit vir vandag? Op watter wyse kan hierdie gawe tot opbou van die gemeente gebruik word? Acta 2003:593, 14.6).

4.2.1.3 In die uitvoering van hierdie opdrag word veral op die profetiese gawes gefokus aangesien dit belangrike elemente van leer en onderrig bevat.

4.2.2 Vroue as profete in die Ou Testament

4.2.2.1 In die uitvoering van die opdrag sal in hoofsaak op die Nuwe Testament gefokus word. Die agtergrond van die Ou Testament is egter ook van belang en daarom word enkele sake uit die Ou-Testamentiese tyd ook hier vermeld. Daar is duidelike voorbeelde van vroue in die Ou Testament wat die profetiese gawe ontvang en beoefen het.

4.2.2.1.1 Oor Debora (Rig 4:4) word gesê dat sy die instrument is waardeur God Hom openbaar en dat sy die Woord van God spreek. Net so tree Mirjam (Eks 15:20) deur die krag van die Gees op as vertolker van wat die Here in haar inspireer.

4.2.2.1.2 Hulda gebruik as profetes die bekende boodskapper – formule “so sê die Here” (2 Kon 22:15,16). Hierdie woorde is deur die profete gebruik om hul prediking as ‘n boodskap van God aan te kondig (vgl 2 Kon 9:1-13).

4.2.2.1.3 Hierdie voorbeelde van vroulike profete in die Ou Testament word, in ag genome die onderhorige plek wat die vrou in die algemeen in die wêreld van daardie tyd gehad het, as merkwaardig aangedui. Daar is nie ‘n direkte verband tussen die profesie in die Ou Testament en die profetiese gawe van die Nuwe Testament nie. Wat van belang is, is dat God wel deur vroulike profete – al is dit by wyse

van 'n getalmatige/telbare uitsondering en nie 'n prinsipiële uitsondering nie – gesprek het.

4.2.3 Die gawe van profesie in die Nuwe Testament

- 4.2.3.1 Profesie is deel van die gawes (charismata) wat die Heilige Gees aan die gemeente gee (Rom 12:4-8; 1 Kor 12:27-31). Wat ook opval is dat die profete naas die apostels 'n belangrike plek in neem soos dit in 1 Kor 12:28 en Ef 4:11 vermeld word. Paulus gee in 1 Korintiërs 14 besondere aandag aan die beoefening van hierdie gawe in die samekoms van die gemeente, en hy prys dit as gawe aan waarna gestreef moet word (1 Kor 14:1,39).
- 4.2.3.2 Die beoefening van die gawe van profesie het 'n verskeidenheid aspekte behels. Eerstens het die profesie die bedoeling en voortgang van die goddelike heilsdade deur openbaring van die Heilige Gees verklaar (1 Kor 14:30; Ef 3:5). Hierdie openbaring moet egter gesien word as leiding en verligting deur die Gees, en nie as onfeilbare inspirasie nie. Ridderbos (Paulus, p.504) kwalifiseer hierdie openbaring: “Deze profetie en openbaring is intussen niet te verstaan als een uitzonderingsgawe, waaraan de gemeente als zodanig geen deel zou hebben en die zij slechts als een van buiten tot haar komende onfeilbare boodschap van de Geest zou hebben te ontvangen”.
- 4.2.3.3 In die tweede plek is profesie die gawe om te verstaan en bekend te maak wat in 'n gegewe situasie die wil van God is (Hand 13:1; 1 Tim 1:18; 4:14). Derdens dien profesie die gemeente tot vermaning, bemoediging en lering (Hand 15:32; 1 Kor 14:3,24,31). Profesie het dus ook lering en onderrig behels (Acta 2003:588). Profesie was 'n gesagvolle handeling wat die gemeente nie moes verag nie (1 Tess 5:20). Floor (Hy wat met die Heilige Gees doop, p.105) dui profesie aan as die verkondiging van die Woord van God aan die gemeente. Tog was profesie ook feilbaar en daarom moes profesie ook beoordeel word (1 Kor 14:29). In Romeine 12:7 verbind Paulus die beoefening van profesie aan “die maat van geloof”. Daarmee word nie bedoel die hoeveelheid van geloof nie, maar 'n bepaalde geloofsinhoud as maatstaf vir die profesie.
- 4.2.3.4 Wat was die onderskeid tussen profete en leraars (Hand 13:1; 1 Kor 12:28)? Hierdie onderskeid word in die Bybel nie eenvoudig en waterdig aangedui nie. 'n Vergelyking van Skrifgegewens toon aan dat beide profete en leraars gerig was op die geestelike leiding en opbou van die gemeente. In 'n tyd toe die mondelinge oorlewering nog die belangrikste bron van kennis van die Christelike geloof was, het die leraars veral met die onderwysing van die Christelike oorlewering leiding geneem (vgl Ridderbos, Paulus, p.506; 1 Kor 4:17; 2 Tim 2:2).
- 4.2.3.5 Vroue deel in al die gawes van die Gees en die gawes wat hulle ontvang het. Profetiese gawes is ook beoefen (Hand 2:17,18; 21:9; 1 Kor 11:5; 12:10; 1 Pet 4:10) tot opbou van die gemeentes. Nuwe-Testamentiese getuienis toon dus aan dat vroue by die algemene beoefening van profetiese gawes in die gemeentes ingesluit was.

4.2.4 Die gawe van profesie en amptelike funksionering

- 4.2.4.1 In die Nuwe Testament is dit veral die woorde “charisma” (genadegawe) en “diakonia” (diens) wat vir die opbou en toerusting van die gemeente gebruik word. Beide woorde dui die bekwaammaking van gelowiges deur die Gees vir hulle funksionering as lewende lidmate in die kerk as liggaam van Christus aan (Rom 12:6,7; 1 Kor 1:7; 12:4,5,9; 16:15; Ef 4:12).
- 4.2.4.2 Besondere dienste is vaste vorme van dienslewering wat Christus in sy kerk daargestel en laat ontwikkel het (Ef 4:11). Dit is gegee ter wille van die goeie orde en leiding in die kerk. Die besondere dienste kom in werking deur 'n proses van Goddelike roeping, gemeentelike aanwysing, opdragging en openlike bevestiging. Die besondere dienste is meestal deur die woord “diakonia” aangedui.

- 4.2.4.3 Genadegawes (charismata) is 'n verskeidenheid bekwaamhede van die Gees waardeur Hy elke gelowige in staat stel om met bepaalde bedieninge in die kerk diensbaar te wees (Ef 4:7; 1 Pet 4:10). Dit is die diens in die amp van die gelowige, of te wel die algemene dienste.
- 4.2.4.4 Die gebruik van die woorde “charisma” en “diakonia” in die Nuwe Testament dui daarop dat daar nie 'n absolute skeiding tussen “diakonia” vir die besondere dienste en “charisma” vir die algemene dienste gemaak kan word nie. “Diakonia” word byvoorbeeld gebruik om beide dienste te beskrywe (1 Kor 12:5; 2 Kor 4:1; 6:3).
- 4.2.4.5 Die verband tussen “diakonia” en “charisma” is verder dat besondere dienste die uitoefening van charismata is. Bekwaamheid in die besondere dienste is 'n saak van genadegawes deur die Gees. Nie alle genadegawes (charismata) word in 'n besondere diens vasgelê nie en daarom het die funksionering van genadegawes in die kerk wyer as die besondere dienste gegaan.
- 4.2.4.6 Die verband tussen “diakonia” en “charisma” kom ook in Efesiërs 4 na vore waar “charismata” algemene dienste en die besondere dienste aandui (vs 8 en 11). Die instelling van beide word na die verhoogde Christus herlei en in vers 8 en 11 word by beide “edooke” (Hy het gegee) gebruik. 'n Ander Skrifgedeelte wat oor die algemene en besondere dienste handel is 1 Korintiërs 12:12–30. Net soos elke lidmaat 'n plek van God vir algemene dienswerk in die gemeente ontvang (12:18 – die woord “etheto” word gebruik) so stel God sommige in die gemeente in besondere dienswerk (12:28 – weer “etheto”).
- 4.2.4.7 Die gawe van profesie is as algemene diens in die amp van die gelowige beoefen (Hand 21:9; 1 Kor 14:1) en het ook 'n amptelike plek in die opbou van die kerk gehad (1 Kor 12:28). Was die gebruik van die gawe van profesie deur vroue slegs beperk tot die amp van die gelowige? Daar is goeie eksegetiese grond vir die gevolgtrekking dat die vroue wat volgens 1 Korintiërs 11:5 in die erediens kon profeteer deel van die profetiese ampsdraers van 1 Korintiërs 12:28 was (Versteeg, 1985:37). Dit word ook bevestig deur Ridderbos (Paulus, p.516, 517) wat dit duidelik stel dat daar geen aanduiding in Paulus se briewe is “als zou aan de vrouw in de gemeente enkel het niet-ambtelijke charisma toekomen en niet het geordende ambt”. In die Skrifgedeeltes wat die algemene en besondere dienste in meer besonderhede vermeld (Ef 4:8–11; 1 Kor 12:12–30), word die vrou by beide dienste nie uitgesluit nie.

4.2.5 Profesie en die opdragte in 1 Korintiërs 14:34 en 1 Timoteus 2:12

- 4.2.5.1 In die opdrag aan hierdie Deputate bring die Sinode van 2003 'n bepaalde stelling en vraag na vore. Die stelling is: Dit is duidelik dat vroue in die Nuwe-Testamentiese tyd ook met profetiese, leer en onderriggawes in die gemeentes opgetree het, maar dit is nie duidelik hoe sy hierdie gawes in die lig van Skrifgedeeltes soos 1 Tim 2:12 en 1 Kor 14:34 moet uitleef nie (Acta 2003:592). Die vraag is: Hoe kon vroue die gawe van profesie uitleef, terwyl hulle in die gemeente van Korinte moes “swyg” in die erediens (1 Kor 11:5; 12:10; 14:33-34)?
- 4.2.5.2 Die term “swyg” is 'n ongelukkige woordkeuse wat 'n fyn-genuanseerde opdrag van die Here by voorbaat met allerhande negatiewe konnotasies belas (Acta 2003:587, 588).
- 4.2.5.2.1 In die Nuwe Testament kon en moes vroue in die gemeente praat. Hulle kon in die erediens profeteer (1 Kor 11:5) en bid (1 Kor 11:5) en sing (Ef 5:19). Die opdragte in 1 Kor 14 en 1 Tim 2 was nie 'n absolute verbod op enige praat van die vrou nie. Verwysend na die indringende en omvattende studie het die Sinode 1988 reeds met besondere dank daarvan kennis geneem dat die vrou in die kerk nie tot voortdurende stilswye geroep is nie, maar om wel so in die gemeente te praat dat sy nie daardeur haar man se hoofskap in gedrang bring nie (Acta 1988:515). Die bedoeling van die twee opdragte is om die vrou se optrede te

kwalifiseer (Acta 2003:567) deurdat sy haar spreekgawes so moet beoefen dat sy haar man se hoofskap in die huwelik nie verkleineer of minag nie.

4.2.6 Wat beteken die gawe van profesie vandag?

- 4.2.6.1 Opdraggewend het Sinode 2003 die volgende vrae aan die Deputate deurgegee: Wat beteken die beoefening van die gawe van profesie vir vandag? Op watter wyse kan hierdie gawe tot opbou van die gemeente gebruik word?
- 4.2.6.2 In die bylae voor die Sinode van 1988 het die Deputate die volgende stelling gemaak: “Die amp van profeet het as tydelike diens naas die Woordbedienaar bly voorbestaan en het na die vestiging van die kerk en die afsluiting van die kanon verdwyn” (Bylae 1988:63). Dit is wel so dat die profesie as “amp” in die vroeë kerk mettertyd verdwyn het, maar die profesie as gawe het bly voortleef.
- 4.2.6.3 Floor (Hy wat met die Heilige Gees doop, p.105) huldig die standpunt dat die profesie as gawe nie met die vasstelling van die kanon verdwyn het nie. Ook Calvin is van mening dat die gawe van profesie nie net tot die beginperiode van die kerk beperk mag word nie. Volgens hom is profesie die regte verstaan van die Skrif en die gawe om die Skrif uit te lê (vgl Calvin se kommentaar op Rom 12:6). Op grond van Efesiërs 4 sê Calvin dat apostels, profete en evangeliste deur die Here in die begin van sy koninkryk opgewek is en wêreldwye hulle soms nog op namate die tydsgewrig dit vereis (Institusie, 44:1319).
- 4.2.6.4 Die intreerede van prof JD du Toit (Totius) in 1911 het oor die onderwerp “Die sestende-eeuse profesie en die betekenis daarvan vir ons tyd” gehandel (Versamelde Werke, Boek 6, p.75 ev). Vervolgens word enkele ontwikkelingslyne weergegee soos dit deur Du Toit belig is.
- In verzet teen die Wederdopers het Zwingli in Zürich ‘n profesie beoefen wat eerstens ‘n verklaring van die Skrif vir die volk behels het, en tweedens ‘n deelname daaraan deur die volk by wyse van kritiek op wat gesê is, en deur toevoeging van eie sienswyse.
 - Van Zürich het die beoefening van die profesie oor Frankryk na die vlugtelinggemeente in Londen gegaan. In die samekoms van die gemeente word die Bybel in vervolg – gedeeltes behandel, waarby nie net predikante nie, maar ook die ouderlinge en aangewese gemeentelede die leiding geneem het. A Lasco verwys na die rykdom van Geestesgawes in die gemeente wat uit hierdie beoefening van die profetiese gebyk het.
 - Die Puriteine het die profesie met ingenomenheid begroet en was ‘n algemene gebruik onder hulle. Gewone lidmate het as Skrifverklaarders opgetree. ‘n Prediker het ‘n Skrifgedeelte gelees, daarna het hy dit verklaar. Om aan te vul wat nog ontbreek het, is hy deur ‘n tweede en soms deur ‘n derde prediker gevolg.
 - Ook by Knox was daar ‘n gemeenskaplike ondersoek van die Skrifte, ‘n deelname daaraan deur gemeentelede met besondere gawes, hetsy as voorgangers of as beoordelaars van wat gespreek is. Die Konvent van Wezel het in 1568 besluit dat onder profete verstaan word diegene wat in die vergadering van die kerk ‘n bepaalde Skrifgedeelte in volgorde uitlê, soos dit deur Paulus ingestel is. Hulle amp is om die Skrifte te verklaar en te onderwys. Hulle taak moet daarin bestaan om na die prediking of op enige ander tyd wat daarvoor geskik is tot stigting van almal enige boek van die Skrif volgens ‘n vaste volgorde uit te lê. Wezel het bepaal dat in hierdie kollege van profete ook die leraars (doctores) en diegene uit die ouderlinge en diakens opgeneem word, en gewone lidmate wat die gawe van profesie ontvang het. Totius se standpunt is dat profeteer in die Nuwe Testament nie die gawe is om toekomstige dinge te voorspel nie, maar wel die regte begrip om die Heilige Skrif uit te lê en tot vertroosting en vermaning van die gemeentes toe te pas. Volgens hom het die Nuwe-Testamentiese profeteer wel ‘n buitengewone karakter gehad. Die gawes wat Christus in sy gemeente

uitgestort het, bly daarin werk ook wanneer dit nie meer die buitengewone karakter dra nie. Om te profeteer is vandag die besielde prediking en die uitlegging van die Skrif.

- 4.2.6.5 Die gawe van profesie is dus vandag in die kerk van Christus nog steeds werkzaam en dat dit veral daarin bestaan om met insig en kennis van die Skrif, die Skrif uit te lê en tot troos, vermaning en opbou van die gemeente toe te pas. Dit is veral op die besondere diens van Woordbediening van toepassing, maar dit is nie net daartoe beperk nie. Vroue met profetiese gawes kan en behoort op verskillende maniere in die gemeente tot opbou van die gemeente aangewend te word (Acta 2003:599). So byvoorbeeld behoort vroue hulle profetiese gawes ook te beoefen op terreine soos katechese, Bybelstudie, huisbesoeke, ondersteuningsgroepe, sustersbyeenkomste, diensgroepe, ens.

4.2.7 Samevattende konklusies by 4.2.1.3 tot 4.2.6

- 4.2.7.1 Die Ou-Testamentiese tyd het God ook deur vroulike profete, al is dit by uitsondering, gespreek.
- 4.2.7.2 In die Nuwe-Testamentiese kerk het profete en die beoefening van die profetiese gawe 'n belangrike plek ingeneem. Vroue het van die Gees ook profetiese gawes ontvang en dit in die algemene en besondere dienste in die gemeente beoefen.
- 4.2.7.3 Die beoefening van profesie het geskied deur die leiding en verligting van die Gees, maar was nie onfeilbare inspirasie nie (vgl I Kor 14:29-33, wat die riglyne waaraan 'n profetiese uitspraak moet voldoen, beskryf). Profesie het veral die gesagvolle uitleg en toepassing van die Woord in vermaning, bemoediging en lering tot opbou van die gemeente behels.
- 4.2.7.4 Die opdragte in 1 Kor 14:34 en 1 Tim 2:12 beteken nie 'n absolute verbod op die spreke van die vrou in die erediens nie, maar dat die getroude vrou so in die erediens moet praat dat sy die hoofskap van die man in die huwelik nie verkleineer of minag nie.
- 4.2.7.5 Die gawe van profesie is vandag in die kerk van Christus nog steeds werkzaam. Dit is veral op die besondere diens van Woordbediening van toepassing, maar dit is nie daartoe beperk nie. Dit behoort ook beoefen te word op terreine soos katechese, Bybelstudie, huisbesoeke, ondersteuningsgroepe, diensgroepe en sustersbyeenkomste en vroue met die gawe van profesie behoort die ruimte te ontvang om dit te beoefen.

4.3 Die verhouding man en vrou in die huwelik/gesin

4.3.1 Opdrag

- 4.3.1.1 Die verhouding tussen man en vrou in die huisgesin (huwelik) word meermale in vergelyking met, of as metafoor, vir die verhouding tussen man en vrou in die "huisgesin van God" (gemeente) gebruik. So word bv die leiding in die gemeente aan die mans wat hulle huise goed kan regeer, opgedra (1 Tim 3:4; Tit 1:6,7). Die ouderlinge word "die bestuurders van die huisgesin van God" genoem. Studie oor die verhouding tussen man en vrou in die huisgesin kan rigtinggewend wees vir soortgelyke verhoudinge in die "huisgesin van God". Die Sinode ondersoek die saak en gee riglyne aan die kerk daarvoor (Acta 2003:592).
- 4.3.1.2 Hoe raak die hoofskap van die man ten opsigte van sy vrou in die huwelik, die beperking op die vrou ten opsigte van die regeeramp? (Acta 2003:593).
- 4.3.1.3 Die man as die hoof moet leiding neem in die huwelik. Hoe raak dit die funksionering van die verskillende dienste in die kerk? (Acta 2003:593).
- 4.3.1.4 In Ef 5:23 word die huweliksverhouding beskryf met die woorde: "Die man is die hoof van die vrou..." Watter implikasies het die huweliksverhouding vir die verhouding tussen getroudes in die gemeente, veral ten opsigte van die besondere dienste? (Acta 2003:593).

4.3.2 Bevindinge oor die verhouding man en vrou

- 4.3.2.1 Sinodes 1988 en 2003 het reeds die volgende bevindinge oor die verhouding man en vrou in die huwelik en gesin gemaak:
- 4.3.2.2 Aan die begin het God die mens manlik en vroulik geskep (Gen 1:27) en die twee in 'n baie nou verwantskap tot mekaar gestel (Gen 2:21-22), (Acta 2003:561).
- 4.3.2.3 In hierdie verhouding is die een nie minderwaardig ten opsigte van die ander nie (Gen 2:18: die vrou is "sy gelyke"; vers 23: "Een soos ek"). Albei is na die beeld van God geskep (Gen 1:27); albei ontvang 'n opdrag van God om oor die skepping te regeer (vs 28); albei is in die huwelik op mekaar aangewese (vs 24; 1 Kor 11:11). Dat Adam eerste geskep is en Eva tweede, toon 'n bepaalde skeppingsorde of volgorde aan wat nie as rangorde verstaan moet word nie (Acta 2003:561).
- 4.3.2.4 Tog is die vrou nie 'n blote duplisering van die man nie. God het die twee juis met 'n onderskeid geskep. Aan die onderskeid word uitdrukking gegee in differensiasie ten opsigte van die rol van die man en vrou in die huwelik. Die man is die een wat die primêre verantwoordelikheid dra en die inisiatief neem in die naamgewing (Gen 2:23); ook in die feit dat hy sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef (vs 24); sy vrou staan hom by as sy hulp wat by hom pas (vs 18). Hierdie differensiasie is noodsaaklik: sowel die man se taak as die van sy vrou is onontbeerlik vir die huwelik (1 Kor 11:11 : "In die Here is die man nie sonder die vrou nie, en die vrou ook nie sonder die man nie") (Acta 2003:561,562).
- 4.3.2.5 God het die leidinggewing van die man nie as heerskappy bedoel nie, maar as liefdesdiens (vgl die betekenis van "aankleef" in Gen 2:24 : "met liefde aanhang"); desgelyks het Hy die hulpwees van die vrou nie as slawediens bedoel nie, maar as gelykwaardige bystand (vs 18), (Acta 2003:562).
- 4.3.2.6 Die vernederende straf van die vrou in Gen 3:16 "... en hy sal oor jou heers" is geen voorskriftelike bevel of maatstaf nie. Die gelykwaardige verhouding tussen man as leier en vrou as hulp (Gen 2:18) is wel deur die sonde versteur, maar in Christus weer herstel (Ef 5:22,23, 2 Kor 5:17), (Acta 2003:562).
- 4.3.2.7 In geestelike sake word die vrou as die man se gelyke in die huwelik geag. Vroue is bv. mede- verantwoordelik vir besluite wat in die huwelik geneem word (Hand 5:1-2, 7-10). Vroue wy hulle saam met hulle mans aan vas en gebed (1 Kor 7:5). Dat die vrou mede-erfgenaar van die ewige lewe is, maak haar geregtig op die gepaste eerbewyse van die man (1 Pet 3:7), (Acta 2003:566).
- 4.3.2.8 'n Vrou is in die huwelik 'n noodsaaklike hulp / wederhelf vir die man (1 Kor 11:11). Vroue het 'n sekere regeertaak in die huis (oikodespotes – 1 Tim 5:14) terwyl mans ook 'n (ander – soortige) regeertaak gekry het (proïstemi – 1 Tim 3:5,12), (Acta 2003:566).
- 4.3.2.9 Christus het die vrou na 'n gelykwaardige vlak met die man herstel. Die vrou is nie minderwaardig aan die man nie. Tog kry die hoofskap van die man (soos Christus Hoof van die man en gemeente is) in die huwelik besondere klem. Met hoofskap vertrou die Here in die huwelik 'n bepaalde liefdevolle leidinggewende verantwoordelikheid aan die man toe, sonder dat die man in sondige heerskappy oor die vrou mag verval. Man en vrou moet aan mekaar onderdanig wees uit eerbied vir die Here (Ef 5:21). Die vrou moet in die huwelik helper wees en so in die gemeente optree dat sy haar man se hoofskap eerbiedig (Acta 2003:591).
- 4.3.2.10 Die huwelikslewe van man en vrou kan ook nie in isolasie gesien word van hulle deel wees van die kerk nie. Man en vrou is nie bloot as individue lidmate van die kerk nie, maar steeds as egpaar. Ook binne die kerk moet hulle hul skeppingsopdrag uitvoer volgens die orde wat God gegee het. Hierdie orde hou ook 'n wederkerigheid in, sodat die een nie sonder die ander die skeppingsopdrag kan uitvoer nie. Daar is differensiasie sonder dat die een minderwaardig teenoor die ander gestel word (Bylae 1988:29).
- 4.3.2.11 Die huwelik bring egter ook in 'n sekere opsigte swaarkry mee (1 Kor 7:28) en beperk die geleentheid tot geestelike groei (1 Kor 7:34) en die optrede van die vrou in die gemeente (1 Kor 14:35), (Acta 2003:566).

- 4.3.2.12 Daar is geen twyfel dat vroue ook hulle gawes tot opbou van die gemeente moet beoefen nie (1 Pet 4:10). Die Here plaas – deur die inspelings van die man – vrou verhouding in die kerklike lewe – enkele kwalifikasies op die manier waarop vroue (getroud of ongetroud) hulle gawes in die gemeente moet beoefen. Dit mag naamlik nie gedoen word op ‘n manier wat tot skade van die Godgegewe verhouding tussen ‘n man en sy vrou lei nie (1 Kor 11:10; 14:34-35; 1 Tim 2:11-12). Hierdie kwalifikasies is dat vroue onder andere nie op maniere, wat in ‘n bepaalde kultuur as sodanig gesien word, hulle mans se gesag misken nie, en vroue moet nie in stryd met haar onderdanigheidsopdrag in die gemeente praat nie (1 Kor 14), (Acta 2003:567).
- 4.3.2.13 Christus is die enigste Hoof van die kerk (Ef 1:22; Kol 1:18) en met sy absolute gesag regeer Hyself die kerk (HK, Son 21, 48; NGB, artt 27, 31, 32). Hy dra nooit sy gesag aan ‘n mens oor nie, maar Hy roep wel mense met die nodige gawes tot die besondere dienste om sy regeermag te bedien. Die gesag van die besondere dienste is dus altyd dienend van aard. Dit is die bediening van die gesag van Christus (en nie die gesag van ‘n persoon nie). Die res van die gemeente moet hulle aan die goeie leiding van hulle deur wie die Here sy gesag bedien, onderwerp (1 Tess 5:12-13; Heb 13:17), (Acta 2003:571).

4.3.3 ‘n Samevatting van bostaande bevindings

- a) Die verhouding tussen man en vrou in die huwelik is ‘n eenheidsverhouding met bepaalde onderskeid en differensiasie.
- b) Man en vrou is in die huwelik gelykwaardig. Die een is nie minderwaardig ten opsigte van die ander nie.
- c) In geestelike sake is man en vrou mekaar se gelyke.
- d) God het in die huwelik ‘n bepaalde orde gegee in die sin dat die man as die hoof van die vrou in die huwelik en gesin aangedui word.
- e) Die hoofskap van die man beteken ‘n primêre verantwoordelikheid, ‘n leidinggewing, ‘n liefdesdiens en nie ‘n heerskappy nie.
- f) Die hulpwees van die vrou is nie slawediens nie, maar gelykwaardige bystand.
- g) Daar is ‘n gelykwaardige verhouding tussen man as leier en die vrou as hulp. Hulle moet ook aan mekaar onderdanig wees.
- h) In die gemeente behoort die vrou so op te tree dat sy haar man se hoofskap eerbiedig.

4.4 Die implikasie van die hoofskap van die man

- 4.4.1 Die vraagstelling in opdragte 4.3.1.1 – 4.3.1.3 handel elkeen oor dieselfde vraag, naamlik: Watter implikasies het die hoofskap van die man in die huwelik vir sy vrou se verkiesing tot die besondere dienste in die kerk?
- 4.4.2 In die Rapport van die Deputate voor Sinode 2003 word tereg na die volgende verwys: “Die term “swyggebod” vir 1 Kor 14:34 is ‘n ongelukkige woordkeuse, wat ‘n fyn genuanseerde opdrag van die Here deur sy apostel by voorbaat met allerhande negatiewe konnotasies belas. Dit is beter om daarna te verwys as “die opdrag in 1 Kor 14:34” (Acta 2003:588).
- 4.4.2.1 Net so moet die uitdrukking “die hoofskap van die man” met ‘n fyn genuanseerdheid verklaar word. Die hoofskap van die man kan so maklik verkeerd verstaan word as ‘n gesagsposisie wat nie durf teëgespreek word nie. In Efesiërs 5 stel Paulus die hoofskap van Christus oor die kerk as voorbeeld vir die hoofskap van die man oor sy vrou in die huwelik. Die hoofskap van Christus is insgelyks in styl ‘n hoofskap van diens, omdat Hy sy lewe vir die kerk aflê (Ef 5:25). Net so word die man opgeroep om sy vrou dienend lief te hê. “Under the curse the man rules over his wife. Under the cross he lays down his life”.
- 4.4.2.2 Die hoofskap van die man in die huwelik moet in die lig van 4.3.2 en 4.3.3 hierbo soos volg verstaan word: In die huwelik is daar ‘n gelykwaardige verhouding tussen die man as leier en die vrou as hulp. Die hoofskap van die man beteken ‘n primêre



verantwoordelikheid, 'n leidinggewing en 'n liefdesdiens. Dit is nie 'n heerskappy nie, soos die vrou se hulpwees nie 'n slawediens is nie. Man en vrou word opgeroep om aan mekaar onderdanig te wees en aan mekaar eer te bewys (1 Kor 7:4; Ef 5:21).

- 4.4.2.3 Die hoofskap van die man volgens die uiteensetting in 4.3.2 en 4.3.3 behels dat die vrou ook 'n verantwoordelikheid het; dat die vrou ook inspraak in die bestuur en versorging het, maar dat sy dit so doen dat sy nie haar man se hoofskap minag nie. Die vrou is dus in die huwelik en gesin nie 'n standpuntlose en spraaklose agterbanker nie. Dit rym ook met die bevindinge van Sinodes 1988 en 2003 dat die opdrag van 1 Kor 14:34 nie 'n absolute verbod op die spreke van die vrou in die erediens is nie (Acta 1988:515; Acta 2003:587).
- 4.4.2.4 Die getroude vrou in die kerk is dus nie geroep tot voortdurende stilswye nie, maar wel om so in die gemeente te praat dat sy nie daardeur haar man se hoofskap in gedrang bring nie. Die opdrag van 1 Kor 14:34 is dus nie 'n totale verbod om te praat nie, maar 'n kwalifisering dat die getroude vrou haar spreekgawes so moet beoefen dat sy haar man se hoofskap nie minag nie.
- 4.4.2.5 Christus, as die enigste Hoof van die Kerk, is die grond van alle spreke in die kerk. Hy dra nooit sy gesag aan 'n mens oor nie. Hy roep mense om sy regeermag te bedien. Gesagvolle spreke in die kerk in Woordbediening, in besluitneming en huisbesoek is altyd "so spreek die Here". Dit is nooit die baasskap van een persoon oor 'n ander, ook nie van 'n vrou oor haar man nie. Waar 'n getroude vrou dus eiegeregig en verkleinerend haar man se hoofskap minag, is dit sonde net soos dit sonde is wanneer 'n predikant of ouderling hulle eie standpunte op lidmate wil afdwing. Hou eweneens in gedagte dat die gelykheidsbeginsel ten opsigte van die dienste in die kerk soos in KO, art 1 vasgestel is, enige vorm van heers verbied. Die dienste is elk eiesoortig en nie een bo die ander nie (Acta 1988:516,517).
- 4.4.2.6 Die vraag is wat is die implikasies van die man se hoofskap in die huwelik vir die vrou se verkiesing tot die besondere dienste in die kerk. Op grond van die beredenering tot hiertoe, is die implikasies dat die hoofskap van die man nie 'n verhinderende tot die verkiesing van die besondere dienste inhou nie, maar dat dit wel die getroude vrou se optrede in die besondere dienste kwalifiseer.

4.5 Die verhouding as metafoer of vergelyking

- 4.5.1 Die woord "meermale" in 4.3.1.1 wek die indruk dat daar 'n hele paar Skrifgedeeltes is waar die verhouding tussen man en vrou in die huisgesin (huwelik) as 'n vergelyking met, of as 'n metafoer vir die verhouding man en vrou in "die huisgesin van God" (gemeente) gebruik word. 'n Oorsigtelike uitleg van die volgende Skrifgedeeltes wys egter op die teendeel.
 - 4.5.1.1 In **1 Korintiërs 11** word die verhouding tussen man en vrou in die huwelik wel genoem en 'n toepassing (nie 'n vergelyking of metafoer nie) word op die vrou se optrede in die gemeente gemaak, in die sin dat die vrou in haar optrede erkenning moet gee aan die man se hoofskap oor haar.
 - 4.5.1.2 In **2 Korintiërs 11:2** word die toewyding van die gemeente as bruid aan Christus as Bruidegom voorop gestel. Dit is die kernpunt teenoor die moontlike weglei (weglokking) deur die valse apostels. Dit word nie op enige verhoudinge in die gemeente van toepassing gemaak nie.
 - 4.5.1.3 In **Efesiërs 5** word die verhouding tussen Christus as man en die kerk as vrou die maatstaf en voorbeeld vir die optrede van man en vrou in die huwelik. Die huwelik staan hier op die voorgrond en nie verhoudinge in die kerk nie.
 - 4.5.1.4 In **1 Petrus 3** word voorskrifte vir die optrede in die huwelik en gesin gegee en dit word nie na verhoudinge in die kerk deurgetrek nie.
 - 4.5.1.5 In **Openbaring 19 en 21** word die wederkoms van die Here as die koms van die Bruidegom na sy bruid (die kerk) beskrywe.
- 4.5.2 Die verhouding tussen man en vrou in die huisgesin (huwelik) en hulle verhouding in die kerk staan nie geïsoleerd van mekaar nie. Hieraan is reeds erkenning in 4.3.2.8

hierbo gegee. Die wese, aard en doel van die huwelik en gesin is egter anders as dié van die kerk as die liggaam van Christus. Daarom is daar wel 'n inspeling en 'n verband tussen die verhouding man en vrou in die gesin en huwelik en die verhouding man en vrou in die kerk, maar dit is 'n verband met 'n bepaalde onderskeiding. Die inhoud en betekenis van hierdie verband is reeds met die bespreking van opdragte 4.3.1.1 – 4.3.1.3 gegee.

4.6 In watter mate is 1 Kor 11:3 'n vertrekpunt?

- 4.6.1 Die opdrag is: In watter mate is 1 Korintiërs 11:3 'n vertrekpunt vir die gesagsverhouding tussen man en vrou in die gemeente? Watter lyne kan na 1 Kor 14 en Ef 5 getrek word (vgl 4.1.4 hierbo, 14.1)?
- 4.6.2 Vir die beantwoording van die vraag in die opdrag is dit van belang om die betekeniswydte van die woord “man” en “vrou” in 1 Korintiërs 11:3–16 te bepaal, asook die betekenisinhoud van die woord “hoof”.
- 4.6.3 Die hermeneutiese vraagstelling oor die skopus en bedoeling van 1 Korintiërs 11:2–16 toon dat dit duidelik beperkend is. Paulus gee bepaalde riglyne vir die optrede van gelowiges teenoor mekaar in gemeenteverband. Dat man en vrou 'n universele betekenis het as alle mans en alle vroue is strydig met die skopus en bedoeling van hierdie Skrifgedeelte.
- 4.6.4 Die inhoudelike verband van 1 Korintiërs 11:2–16 toon ook sterk aan dat man en vrou die betekenis het van man en vrou in die huwelik. In vers 8 en 9 verwys Paulus daarna dat die vrou uit die man geneem is en dat die vrou ter wille van die man geskep is. Dit is 'n verwysing na Gen 2:21 en 22 wat 'n integrale deel van die openbaringsgeskiedenis oor die eerste huwelik is. Hierdie huwelikskonteks kom eweneens in vers 11 en 12 na vore waar Paulus na die beginsel van wederkerigheid, die onderlinge afhanklikheid en die onderlinge diensbetoon in die Here verwys.
- 4.6.5 Die eksegetiese reël van Skrif met Skrif vergelyking ondersteun eweneens die standpunt dat dit in 1 Korintiërs 11 oor die hoofskap van die man in die huwelik gaan. In elke Skrifgedeelte waar dit oor die hoofskap van die man gaan, word dit in die konteks van die huwelik gestel (vgl 1 Kor 7:3; 14:34–35; 1 Tim 2:11–15; Kol 3:18,19; 1 Pet 3:1–5). Calvyn (Komentaar op die Sendbriewe, 1888:186) stel dit ook dat dit in 1 Korintiërs 11 nie oor die burgerlike orde gaan nie, maar “.....dat Paulus hier spreek van het heilige huwelik der godzaligen ...” (vgl ook Ridderbos, Paulus, p.340, 426).
- 4.6.6 Die woord wat Paulus in vers 3 vir hoof gebruik is “kephalê”. Hierdie woord kan in Grieks twee oordragtlike betekenis hê, naamlik:
 - a) Gesagsdraer, meerdere en
 - b) Oorsprong, wat dan die betekenis het van voorganger of eerste.
- 4.6.6.1 Hierdie twee betekenis kom duidelik in Efesiërs 5:22–33 na vore. Die gemeente is aan Christus onderdanig (eerste betekenis – vers 24), maar dit staan in die nouste verband dat die liggaam (die kerk) se oorsprong en bestaan in Christus gefundeer is (vs 25–27 tweede betekenis). Aangesien Paulus in 1 Korintiërs 11 uitdruklik daarna verwys dat die vrou “uit die man geneem is” (vs 8) het “hoof” in 1 Korintiërs 11:3 die betekenis van “oorsprong”. In hierdie tweede betekenis gaan dit nie om 'n gesagsverhouding in die sin van rangorde nie, maar om 'n verhouding van oorsprong en bestaan (volgorde) aan te dui.
- 4.6.7 Dit is dus ongeldig om 1 Kor 11:3 te gebruik as 'n vertrekpunt vir die universele hoofskap van die man oor die vrou, in die sin dat alle mans die hoof van alle vroue is. Dit is eweneens nie 'n vertrekpunt vir 'n siening dat die man die hoof van die vrou in die geloofsgemeenskap is nie. In 1 Korintiërs 11:3 is die man die hoof van sy eie vrou wat beteken dat die man, uit wie die vrou geskep is, in die huwelik die leier en voorganger is. In 1 Korintiërs 14 kwalifiseer Paulus die optrede van die getroude vrou in die erediens in die sin dat die vrou haar man se hoofskap sal respekteer en dit nooit sal minag of verkleineer nie (vgl vers 34, 5.3.4.6 en 5.7).

4.7 Die verhouding tussen 1 Korintiërs 11:2-16 en 14:33-35 – in samehang met 1 Tim 2:11–15

- 4.7.1 Paulus tref in hierdie skrifgedeeltes ordereëlings oor die hoofbedekking van die vrou en haar optrede in die samekoms van die gemeente. Dit gaan oor wat “gepas” (1 Kor 11:13) is, oor wat “gepas en ordelik” (1 Kor 14:40) is en wat “tot opbou van die gemeente” (1 Kor 14:26) verloop. Dit gaan hier oor die vrou se voorkoms en optrede in die samekoms van die gemeente. Omdat die samekoms van die gemeente een van die (weinige) geleenthede was dat die vrou in die openbaar verskyn het in daardie tyd, gaan dit in Paulus se ordereëlings oor raakpunte met wat vir die vrou gepas en betaamlik was wanneer sy in die openbaar verskyn het.
- 4.7.2 As ‘n vrou sonder ‘n hoofbedekking in die openbaar verskyn het, was dit ‘n teken van rebelsheid, opstandigheid en selfs skandelik. Paulus sê dit is skandelik (ασχηρον) vir ‘n vrou om sonder ‘n hoofbedekking in die gemeente te verskyn (1 Kor 11:5, 6). Hy lê die verband met die hoofskap van haar man so: ‘n Vrou wat sonder iets op haar kop in die samekoms van die gemeente optree. “doen haar hoof, haar man, oneer aan” (1 Kor 11:5). Maw ‘n vrou se voorkoms in die openbaar (besonderlik in die gemeente!) reflekteer haar respek of oneerbiedigheid teenoor haar man. Dit is onstigtelik, nie tot opbou nie, as ‘n vrou met haar voorkoms in die gemeente haar man oneer aandoen.
- 4.7.3 ‘n Hoofbedekking is vandag, altans in die Westerse wêreld, nie meer ‘n teken van ‘n vrou se respek vir haar man nie. Ons kom hierdie spesifieke ordereëling van Paulus dus nie meer na nie. Dit beteken egter nie dat die *beginsel*, nl dat die man die hoof is van sy vrou en dat sy hom moet respekteer, nie meer geld nie. Die onderskeid moet dus gemaak word tussen die beginsel en die toepassing (ordereëling) van die beginsel.
- 4.7.4 Daar is twee duidelike lyne in 1 Kor 11:1 nl:
- a) die **beginsel** dat die man die hoof is van sy vrou. Dit word gestaaf met verwysing na Gen 2:21 en 22.
 - b) die **ordereëling** dat ‘n vrou ‘n hoofbedekking in die samekoms van die gemeente moet dra – dit word as “betaamlik” (11:13) en nie as “skandelik” beskou.
- 4.7.5 In 1 Kor 14:33-35 is daar dieselfde twee lyne nl:
- a) Die **beginsel** dat die vrou “onderdanig” moet wees (vs 34), haar man se hoofskap moet erken. Paulus staaf dit met “soos die wet ook sê” (vs 34). Daarmee verwys hy na die Tora en net soos in 1 Kor 11:8 na die feit dat die vrou uit die man geneem is.
 - b) Die **ordereëling** hier is: die vrou moet stilbly en nie in die samekoms van die gemeente praat nie.
- 4.7.6 Die vrou van daardie tyd het nie in die openbaar gepraat nie. Sy was, op enkele uitsonderinge na, ongeleerd en het nie deel gehad aan die opvoeding soos die seuns en mans nie. Dit is dus verstaanbaar dat sy nie in die openbaar kon praat nie.
- 4.7.7 Paulus motiveer die ordereëling so: “Dit is lelik (ασχηρον) vir ‘n vrou om in die erediens te praat” (vs 35). Hy gebruik presies dieselfde woord (ασχηρον) wat hy gebruik het om te sê dat dit skandelik vir ‘n vrou is om in die samekoms van die gemeente sonder ‘n hoofbedekking te kom. As ‘n vrou in die samekoms van die gemeente praat, veral tussenin vrae stel, doen sy haar hoof, haar man, oneer aan. Haar optrede is onstigtelik en dien nie tot opbou van die gemeente nie. Ook wat hierdie ordereëling betref, het daar groot verandering (veral in die Westerse wêreld) gekom. Die vrou het van kleins af, net soos die man, deel aan die opvoedingsproses. Dit is nie meer “lelik” vir ‘n vrou om in die openbaar te praat nie, word nie, as sodanig, gesien as opstandig of disrespekvol nie. Sou dit dan nog onstigtelik, disrespekvol teenoor haar man wees om in die samekoms van die gemeente te praat?

4.7.8 Daar is 'n duidelike parallel tussen 1 Kor 11 en 1 Kor 14 soos uit die volgende tabel blyk:

	1 Kor 11	1 Kor 14
Beginsel	Die man is hoof van sy vrou (vs 3)	Die vrou moet onderdanig wees (vs 34)
Skrif	Die vrou is uit die man geneem (Gen 2:21,22)	"...soos die wet ook sê" (vs 34) Wet = Tora
Ordereëling	Die vrou moet 'n hoofbedekking in die samekoms ophê	Die vrou moet in die samekoms swyg.
Motivering	Dit is "skandelik" (ασχηρον). vir 'n vrou om in die samekoms nie 'n hoofbedekking op te hê nie (vs 5,6)	Dit is "lelik" (ασχηρον). vir 'n vrou om in die samekoms te praat (vs 35)

4.7.9 Die verband met 1 Timoteus 2:11–15 is ook hier van belang. Daar is verskil van mening of Paulus in 1 Timoteus 2 oor die samekoms in die erediens skrywe, en of die vrou 'n verwysing na getroude of ongetroude vroue is. Kom ons neem dit as vertrekpunt dat Paulus ook hier van die getroude vrou se optrede in die samekoms van die gemeente praat.

4.7.10 Paulus is dus in 1 Timoteus 2 ook besig om 'n ordereëling, dit wat tot stigting en opbou van die gemeente dien, te gee. Net soos in 1 Korintiërs 11 en 14 is daar in 1 Timoteus 2:11–15 die twee lyne van die beginsel en die ordereëling (die toepassing):

- Beginisel: 'n Vrou moet "onderdanig" wees (vs 11) met verwysing na Gen 2:21, 22: "Adam is immers eerste gemaak, Eva daarna " (vs 13).
- Ordereëling: 'n Vrou moet stil wees in die samekoms van die gemeente (vs 11 en 12).

4.7.11 Die *ordereëling* in 1 Tim 2:11–15 is dus baie dieselfde as in 1 Kor 14, met die beklemtoning hier dat die vrou nie onderrig moet gee nie. As 'n vrou in die gemeente moes swyg (1 Kor 14), kon sy bepaald nie onderrig gee nie. Veral nie as sy deur onderrig te gee, "baasspeel" oor die man nie (αυθεντεω kan "baasspeel", "domineer" beteken). Paulus se reëling dat die vrou nie onderrig moet gee nie, is dus 'n ordereëling tot stigting en opbouing van die gemeente.

4.7.12 Die beklemtoning dat die vrou nie onderrig moet gee nie, is verstaanbaar in die lig van die situasie in die samelewing van daardie tyd: ongeleerde vroue (oor die algemeen) en die gevaar van dwaalleer in die gemeente (vgl 1 Tim 1:3-11). Paulus gebruik dan ook 'n versterkende argument, waaroor 'n vrou nie mag onderrig gee nie, hier, nl: "Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het en die gebod oortree het" (vs 14). Paulus verwys ook na Eva se verleiding in 2 Kor 11:3, maar daar nie net as 'n waarskuwing aan die vrou nie, maar aan alle gelowiges. In elk geval bly hierdie versterkende argument van Paulus 'n waarskuwing aan die vrou.

4.7.13 Hierdie ordereëling: "die vrou moet nie onderrig gee nie" sluit aan by die situasie in die samelewing waarin die vrou oor die algemeen ongeleerd was en nie in die openbaar gepraat het nie. Vandag (veral in die Westerse wêreld) gee die vrou onderrig, bv as onderwyseres en lektrise sonder om daarmee *per se* disrespekvol teenoor haar man of baasspelerig in die samelewing op te tree. Sal dit dan onstigtelik wees, oneerbiedig teenoor haar man, om in die samekoms van die gemeente onderrig te gee?

- 4.7.14 Dit is ook van belang om daarop te let dat die Rapport van 1988 vanuit die hermeneutiese riglyne dit stel dat die sogenaamde “swyggebod” van 1 Kor 14:34 en 1 Tim 2:12 nie sonder meer so verklaar kan word dat dit verbied dat die vrou in die besondere dienste mag dien nie, aangesien nie een van die twee Skrifgedeeltes dit het oor wie in die amp mag dien en wie nie.
- 4.7.15 Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat Paulus in 1 Kor 14:34 en 1 Timoteus 2:12 die beginsel beklemtoon dat die man die hoof van die vrou in die huwelik is. In beide die Skrifgedeeltes hanteer hy ‘n tydgerigte ordereëling (toepassing/ praktiese gestaltegewing) van die beginsel, soos in 1 Kor 11:2–16, oor die vrou se optrede in die erediens. Dit bevestig die bevinding van hierdie studie in 4.4.2.6 dat die vrou in die kerk nie tot voortdurende stilsweye geroep is nie, maar om wel so in die gemeente te praat dat sy nie daardeur haar man se hoofskap in gedrang bring nie.
- 4.7.16 Die wesenlike van 1 Kor 11:2-6, 1 Kor 14:34 en 1 Tim 2:11 is nie om uitspraak te lewer oor of vroue leerdiens mag verrig of nie. Wanneer hierdie tekste binne konteks verklaar word, plaas dit nie ‘n prinsipiële belemmering op vroue om leerdiens te verrig nie.

4.8 Onderskeid tussen die dienswerk van manlike en vroulike diakens

- 4.8.1 Die opdrag is die volgende vraagstelling: Is daar Skriftuurlik onderskeid tussen die wyse waarop manlike en vroulike diakens hulle dienswerk verrig volgens 1 Tim 3 (Acta 2003:593, 14.8)?
- 4.8.2 1Tim 3:8-11 handel oor die vereistes wat vir diakens gestel word en nie oor die inhoud van die diakens se dienswerk nie.
- 4.8.3 Wat die aard en inhoud van die diakens se dienswerk betref, moet na ander Skrifgedeeltes as 1 Tim 3 gekyk word, soos : Hand 6:2; Rom 12:6-8; 15:25-28; 1 Kor 12:28; 2 Kor 8:4; 9:13; Gal 6:10; 1 Tess 3:12; 5:15; Heb 13:16.
- 4.8.4 As ‘n samevattende konklusie kan dit gestel word dat daar nie uit 1 Tim 3 en ander ter saaklike Skrifgedeeltes afgelei kan word nie dat daar ‘n onderskeid gemaak kan word tussen die wyse waarop manlike en vroulike diakens hulle dienswerk verrig.

4.9 Was Junia(s) ‘n vroue-apostel (Rom 16:7)?

- 4.9.1 **Opdrag:** “Diepgaande ondersoek moet ook gedoen word na die persoon wat in Rom 16:7 as Junian (akk) aangedui word, maar wat, volgens die lig tot ons beskikking gedurende al die eeue (tot aan die einde van die 13de eeu) as ‘n vrou (“Junia”) beskou is (volgens ‘n bepaalde aksentuering). Sy is volgens hierdie lesing as ‘n vroue-apostel deur Paulus en ook onder die apostels in die algemeen geëer. Daar is ‘n oorwig van kontemporêre eksegete wat haar ook as ‘n vrou aanvaar. Wat was die aard van haar apostelskap? Watter lig werp dit op die vraag – veral op die vrou in die leeramp?” (Sien 3.1.3 (14.8) hierbo)

4.9.2 Beredenering (a): Was Junia/Junias ‘n vrou of ‘n man?

4.9.2.1 *Argumente ten gunste van die naam Junia (vroulik)*

- 4.9.2.1.1 Aangesien daar geen gegewens in die Bybel self is wat uitsluitel oor hierdie saak gee nie, kan die volgende inligting moontlik lig werp:
- 4.9.2.1.2 Ná die werkwoord *groet* volg *iouniân* in die akkusatief – en beide die manlik en vroulik van *iouniân* eindig in Grieks met *n*. *iouniân* kon dus na ‘n man of ‘n vrou verwys – afhangende van die aksentuering (wat nie deur die oorspronklike skrywers gebruik is nie). *iouniân* dui op die manlike vorm en *iounían* op die vroulike vorm. Tekskritiese gegewens pleit baie sterk ten gunste van die vroulike vorm Junia (*iounían*). Daar is egter ook noemenswaardige tekskritiese getuienis wat vir die ‘manlike’ aksentuering *iouniân* pleit [vgl die artikel van Thorley, 1996 in *Novum Testamentum*, XXXVIII, 1, 18-29]. Thorley (1966) toon in ‘n uitgebreide studie op linguistiese gronde uit geskifte (Chrisostomos) en vertalings (Latyn, Kopties, Siries) tot die vierde eeu nC aan dat die vroulike vorm Junia (*iounían*) voorkeur geniet bo die manlike vorm].

- 4.9.2.1.3 Die mansnaam kom min in die antieke tye voor, terwyl daar vele voorbeelde is waar die Romeinse vrouenaam Junia voorkom.
- 4.9.2.1.4 Indien 'n mens die “vrouehater”, Chrysostomos, en ander kerkvaders se eksegeese van Rom 16:7 aanvaar (vgl Fabrega, 1984 wat praat van die “Mehrheit der Exegeten” wat Junia as vroue-apostel sien), was Junia 'n voorbeeld van 'n vroue-apostel. Eisen (2000:48) gee opnuut 'n oorsig oor die eksegetiese geskiedenis van Rom 16:7 en konkludeer dat “the centuries-old opinion ...that in the apostolic period there were only male apostles has been finally disproved”. In 'n goed-gedokumenteerde hoofstuk van sy boek oor vroue in die Evangelies maak Bauckham (2002:109-202; met verwysing na Chrysostomos, maar ook na Origenes, Ambrosius, Hieronimus, Theodoretus en andere) 'n sterk saak daarvoor uit dat Junia inderdaad 'n vroue-apostel was. Sy was moontlik dieselfde persoon wat as *Johanna*, die vrou van Gusa ('n bestuurder van Herodes) Jesus saam met die Twaalf en ander vroue van Galilea af gevolg en Hom met haar besittings gedien het (Luk 8:3). As hierdie Johanna (wat later verlatiniseer is tot die byna gelyk-klinkende “Junia”) was sy dan ook 'n getuie van die leë graf en een van die vroue wat die opstandingsboodskap eerste aan die elf apostels gebring het (Luk 23:55; 24:10). Paulus erken immers ook dat sy (en Andronikus) voor hom “in Christus” was (Rom 16:7).
- 4.9.2.1.5 Die vrouenaam is tot die 13^{de} eeu – en in die oosterse kerke tot die 19^{de} eeu – gebruik in Rom 16:7.
- 4.9.2.2 *Argumente ten gunste van die naam Junias (manlik)*
- 4.9.2.2.1 Origenes gebruik die manlike vorm (Minge, JP Patrologia Graeca, vol 4. Col 1289).
- 4.9.2.3 Bevinding by beredenering (a). Die oorwig van getuienis dui daarop dat *iouniân* in Rom 16:7 na 'n vrou verwys met die naam Junia.
- 4.9.3 **Beredenering (b): Het hierdie persoon leerdiens verrig of nie?**
- 4.9.3.1 Die vraag wat hier ter sprake kom, is: Waarna verwys die uitdrukking “hulle is hoog aangeskrewe by die apostels” in Rom 16:7? Daar bestaan twee moontlikhede om hierdie frase te interpreteer: (a) Hierdie mense was bekend of hoogaangeskrewe of in aansien *by* die apostels. Met ander woorde: Hulle was nie apostels nie. (b) Hulle staan bekend *as* apostels. Hulle is gereken *onder* die apostels. Met ander woorde: Hulle het die evangelie verkondig.
- 4.9.3.1.1 “Apostel” moet hier nie as *een van die twaalf* verstaan word nie, maar in ruimer sin. Floor (1978:59) skryf: “As gesê word dat Christus aan sy kerk apostels gegee het (Ef 4:11) of dat Hy die gemeente apostels gestel het (1 Kor 12:48) dan word daar die plaaslike gemeente bedoel. In 2 Kor 8:23 skrywe Paulus oor 'apostels van die gemeentes' soos dit in die Griekse teks staan en in Fil 2:25 word Paulus se medewerker Epafroditus 'n afgevaardigde, letterlik: 'n apostel van die gemeente van Filippi genoem... Die apostels van Christus kan ons met Calvyn noem 'argitekte van die kerk'. Hulle moet die fundamente van die kerk wees en hulle is tegelyk ook die bouers van die kerk, die eerste sendelinge. Maar die apostels van die gemeentes, soos hulle genoem word in 1 Kor 12:28 en Ef 4:11, is die sendelinge wat uitgestuur is deur die plaaslike kerk om die evangelie te verkondig. Waarskynlik het tot hierdie groep ook behoort die apostels uit die Didachè (11:4) en was hulle nie slegs finansiële deputate nie, maar het hulle ook opgetree as rondreisende predikers, as mense met 'n profeties-missionêre opdrag... Dit is nie onmoontlik dat Apollos ook tot hierdie groep van persone gereken moet word nie.”
- 4.9.3.2 *Argumente ten gunste daarvan dat Junia(s) 'n apostel was*: Dit is geldig om die Griekse woorde só te interpreteer dat Junia(s) wel 'n apostel was. Al is dit moontlik om dié frase só te vertaal dat die persone hoog aangeskrewe was *by* die apostels, is daar navorsers wat meen dat só 'n vertaling van die Grieks gedronge is.

- 4.9.3.2.1 *Argumente daarteen dat Junia(s) 'n apostel was:* Dit is geldig om die Griekse woorde só te interpreteer dat Junia(s) hoog in aansien by die apostels was, maar nie self een was nie.
- 4.9.3.3 *Bevinding by beredenering (b)*
- 4.9.3.3.1 Dit is nie moontlik om 'n eenduidige keuse te maak tussen die moontlikhede: (a) Junia(s) was bekend by die apostels, en (b) Junia(s) was bekend as apostel, alhoewel moontlikheid (b) meer waarskynlik is.
- 4.9.3.3.2 Die frase “hulle is hoog aangeskrewe by die apostels” in Rom 16:7 sluit nie die moontlikheid uit nie dat Junia(s) 'n apostel kon wees wat leerdiens verrig het.
- 4.9.4 **Finale konklusie** ten opsigte van Junia(s). Op grond van bogenoemde is daar nie genoegsame getuienis om 'n deurslaggewende gevolgtrekking te kan maak of vroue in die leerdiens kan staan of nie.

4.10 Die betekenis van Galasiërs 3:28

- 4.10.1 In Gal 3:28 skryf Paulus: “Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Jesus Christus “. Die regte verstaan van hierdie gedeelte is vir die studie oor die vrou in die kerk belangrik.
- 4.10.2 Die betekenis van vers 28 is om die dwaalleer van die Judaïste te antwoord wat beweer het dat diegene wat die wet onderhou voorrang tot die saligheid het (vgl Bylae 1988:44). Om egter vers 28 slegs tot 'n soteriologiese (saligmakende) betekenisinhoud te beperk, is om die eksegetiese reikwydte daarvan te versmal.
- 4.10.3 Hierdie Skrifgedeelte is ingebed in 'n gedagtestruktuur waarin Paulus die implikasies van die oorgang van die ou bedeling (OT) na die nuwe bedeling (NT) wil duidelik maak. Paulus doen dit deur in Gal 3 met verskeie kontrasterende begrippe te werk, naamlik: wet en geloof (vs 2, 24 en 25); vlees en Gees (vs 3); vloek en seën (vs 13 en 14) en belofte en erfgenaam (vs 18 en 29). Die kontras tussen die lewe wat in Christus werklikheid geword het en die vroeëre lewe onder die wet (vs 24), word ook deur die direkte verband in vers 24-29 aangetoon met die kinders van God (vs 26) wat in Christus die ware nageslag van Abraham is (vs 29).
- 4.10.4 Volgens Rabbynse voorskrif moes die vrye Joodse man God elke dag gedank het dat hy nie as 'n heiden, as 'n slaaf of as 'n vrou geskep is nie. Die inhoud van Gal 3:28 toon 'n duidelike verband met die genoemde gebed waarin Paulus dit in christologiese perspektief stel.
- 4.10.5 Naas die soteriologiese betekenis is die betekenis van vers 28 ook die deurbreek van gelykheid in die nuwe bedeling, in teenstelling met die Joodse ongelykheidsleer wat voor God die Jood verhef het bo alle nie-Jode; die vryman bo die slaaf en die man bo die vrou. Met verwysing na Gal 3:28 verwys die Rapport van 1988 ook na hierdie breër betekenis: “Inderdaad wys die skopus van die evangelie van Christus dus op die algehele gelykwaardigheid van die man en vrou in die kerk” (p.513). Die implikasies hiervan is onder meer dat geslagsverskille nie die basis vir enige ongelykheid in die kerk mag wees nie. Galasiërs 3:28 het dus ook 'n kerklike en sosiale betekenis. Paulus sê nie dat eenheid in Christus eendersheid geword het nie. Hy beklemtoon wel dat daar in die liggaam van Christus (die gemeente) nie plek is vir die sondige vervreemding en ongelykhede wat aan etnisiteit, sosiale status en geslagsverskille verbind mag wees nie.

4.11 Empiriese ondersoek

- 4.11.1 **Opdrag:** “'n Empiriese ondersoek van die praktyk waar vroue reeds in daardie dienste staan moet ook gedoen word. Die studie word onderneem in oorleg met Gereformeerde kerke met wie die GKSA ekumenies een is”. (Sien pt 3.2, pt 7 hierbo.)

4.11.2 **Problematiek van die opdrag**

4.11.2.1 Die opdrag is nie baie duidelik afgebaken nie en kan van 'n aantal invalshoeke benader word. Watter aspekte van die praktyk moet byvoorbeeld ondersoek word.

4.11.2.2 Daar is ook 'n probleem met die opdrag dat die kerke met wie ons in 'n nouer sin ekumenies een is, nie vroue in diens van die NG en Hervormde Kerk wat in ieder geval ook eerder die praktiese omstandighede van Suid-Afrika in gemeen het.

4.11.3 **Verstaan van die opdrag:** Die opdrag is gevolglik uitgevoer deur te kyk na die praktyk van vroue wat in die bediening staan van die NG en Hervormde Kerk wat in ieder geval ook eerder die praktiese omstandighede van Suid-Afrika in gemeen het.

4.11.4 **Uitvoer van opdrag**

4.11.4.1 Vroulike predikante van die NG en Hervormde Kerk is telefonies of per e-pos versoek om die volgende vrae in te vul.

- a. Wanneer het jy bewus geword van die roeping om predikant te word?
- b. In watter jaar is jy as predikant bevestig?
- c. Waar is jy tans predikant?
- d. Wat behels jou bediening?
- e. Is jy voltyds in diens of tentmaker?
- f. Wat is jou huwelikstatus?
- g. Het jy kinders en hoeveel?
- h. Hoe vind jy balans tussen die bediening en jou huislike verantwoordelikhede?
- i. Vind jy vervulling in die bediening?
- j. Watter aspekte van die bediening is vir jou moeilik?
- k. Is daar praktiese probleme wat jou vroues vir jou dienswerk inhou?
- l. Hoe hanteer jy die eiesoortige spanning van 'n gemeentelike bediening?
- m. Enige ander kommentaar?

4.11.4.2 Die kommentaar van die vroue is deurgegaan en verwerk in die volgende opsommende opmerkings.

- a) Die vroue het op verskillende tye in hulle lewens die bewustheid gehad dat die Here 'n spesiale roeping op hulle lewe lê.
- b) Vroue bedien 'n wye spektrum van gemeentes. Hulle word ook verteenwoordig in die kapelaansdiens en by kinderhuise.
- c) Daar is baie vroue wat as tentmakers bedien.
- d) Die meeste van die vroue is getroud en het kinders.
- e) Om balans tussen 'n gesinslewe en bediening te handhaaf, bied baie uitdagings maar elkeen ontdek nuwe innoverende maniere om hierin 'n balans te hou. Hulle mans en gesinne staan hulle hierin by.
- f) Vroue vind vreugde en vervulling in die bediening.
- g) Daar is nie noodwendig praktiese probleme wat voorkom moet word wat enigsins andersoortig is as ander beroepe nie. Dit was nie vir een van die vroue is 'n onoorkomelike probleem nie.
- h) Die vroue wat gekontak was, was almal vroue wat 'n sterk roeping in hulle lewens ervaar om hierdie diens te doen. Hulle doen dit met oorgawe en word ten volle aanvaar in die gemeentes waar hulle dien.
- i) Daar is egter ook 'n baie klein groep wat nog op 'n manier "bitter" voel oor veral die verlede en sommige wat nog meen dat daar baie diskriminasie vandag voorkom.

4.11.5 **Gevolgtrekking**

- 4.11.5.1 Uit die studie van die vrou in die NG en Hervormde kerk blyk dit dus dat vroue hulle roeping binne hierdie kerkverbande met groot seën kan uitleef. Die probleme wat in die bediening ervaar word is eiesoortig aan mense wat in hierdie roeping staan en het nie verband met geslagtelikheid nie.

4.11.6 **Opmerking**

- 4.11.6.1 Binne die CRC en GKN word daar gepleit vir ruimte vir verskillende standpunte oor hierdie saak. Daarom ook die besluit om dit oor te laat aan die oordeel van plaaslike gemeentes waar situasies baie mag verskil.
- 4.11.6.2 Hierdie empiriese ondersoek se teikengroep was te klein om betekenisvolle afleidings te maak rakende probleme by vroue in die leerdienste.

4.12 **Samevattende konklusie**

- 4.12.1 In die Bylae tot die 1988-Rapport oor die vrou in die kerk word die volgende inleidende gestel: “Daar is nie ‘n teks in die Bybel waarin spesifiek gesê word of vroue in die besondere ampte mag dien of nie, en nêrens is daar ‘n Skrifuitspraak oor wie in die kerk stemreg het en wie nie. Wie dan ‘n Bybelgefundeerde standpunt oor hierdie sake en oor die algemene plek van die vrou in die kerk wil formuleer, is daarop aangewese om uit ander Skrifuitsprake afleidings te maak” (p.23).
- 4.12.2 In al drie Studierapporte (1988, 2003 en 2006) word ‘n groot verskeidenheid belangrike gevolgtrekkings gemaak. Vir ‘n volledige oorsig daarvan behoort die Rapporte self geraadpleeg te word. ‘n Gedeelte daarvan is reeds in die inleiding van hierdie Rapport verwerk (vgl 4.1). Na verdere besluitneming deur Sinode 2006 sal, indien nodig, die uitstaande gevolgtrekkings bygewerk word. Die volgende samevattende gevolgtrekkings is as ‘n geheelerspektief die belangrikste Skrifgronde vir ‘n verantwoordbare besluit:
- 4.12.2.1 By die skepping het God die mens na sy beeld manlik en vroulik geskep. God het die een nie minderwaardig teenoor die ander geskep nie. Dat Adam eerste geskep is en Eva tweede, toon ‘n bepaalde skeppingsorde of volgorde aan wat nie as ‘n rangorde verstaan moet word nie.
- 4.12.2.2 Die verhouding tussen man en vrou in die huwelik is ‘n eenheidsverhouding met ‘n bepaalde onderskeid en differensiasie. God het in die huwelik ‘n bepaalde orde gegee in die sin dat die man as die hoof van die vrou in die huwelik en gesin aangedui word. Die hoofskap van die man behels ‘n primêre verantwoordelikheid, ‘n leidinggewing, ‘n liefdesdiens en nie ‘n heerskappy nie. Die hulpwees van die vrou is nie slawediens nie, maar ‘n gelykwaardige bystand. Hierdie gelykwaardige verhouding tussen die man as leier (hoof) en die vrou as hulp impliseer ook dat hulle aan mekaar onderdanig moet wees.
- 4.12.2.3 Daar is in die Ou Testament voorbeelde van vroue wat ook die profetiese gawe ontvang het en dit in die openbaar beoefen het, byvoorbeeld: Miriam (Eks 15:20, Debora (Rig 4:4) en Hulda (2 Kon 22:14,15). Twee vroue, Debora en Atalia (2 Kon 11) het ook in die regeeramp van rigter en koning gedien. In die lig van vroue se sosiaal-onderdrukkende posisie in die Ou-Testamentiese tyd is hierdie enkele uitsonderings merkwaardig. Die Ou Testamentiese dienste van koning en profeet kan nie direk met die Nuwe-Testamentiese dienste van ouderling en Woordbedienaar geïdentifiseer word nie. In Christus het hierdie dienste ‘n bepaalde vervulling gekry. Daar is dus geen direkte band nie, maar wel ‘n indirekte verband in die sin dat die besondere dienste vir die Nuwe-Testamentiese kerk wel bepaalde elemente van die Ou-Testamentiese dienste van profeet, priester en koning bevat.
- 4.12.2.4 Jesus het in sy optrede gewys dat Hy die sondige vernedering van die vrou deurbreek. In teenstelling met die minderwaardige plek van die vrou in die destydse samelewing laat Hy vroue ‘n belangrike plek in sy bediening inneem. Sy optrede teenoor vroue het die verlossende karakter van sy bediening

- beklemtoon. In Christus het daar vir die gelowige vrou 'n nuwe vryheid gekom wat haar plek wat sy in die Ou-Testamentiese tyd gehad het, oortref het.
- 4.12.2.5 In die vroeë Christelike kerk was vroue voluit deel van die gemeentes en is hulle sonder enige aanduiding van minderwaardigheid so erken en aangespreek, en het hulle aktief aan die gemeentelike aktiwiteite deelgeneem. Vroue het in al die gawes van die Gees gedeel en het ook hulle gawes in die gemeentes beoefen.
- 4.12.2.6 Die huwelikslewe van man en vrou kan nie los van hulle deel-wees van die kerk gesien word nie. Man en vrou is nie bloot as individue lidmate van die kerk nie, maar steeds as egpaar. In die gemeente behoort die vrou so op te tree dat sy die hoofskap van haar man eerbiedig en dat sy dit nie minag of verkleineer nie (vgl 1 Kor 14:34-35).
- 4.12.2.7 In die liggaam van Christus (kerk/gemeente) is daar nie plek vir die sondige vervreemding en ongelykhede wat aan etnisiteit, sosiale status en geslagsverskille verbind mag wees nie (Gal 3:28).
- 4.12.2.8 Besondere dienste is vaste vorme van dienslewering wat Christus in sy kerk daargestel en laat ontwikkel het (Ef 4:11). Genadegawes (charismata) is 'n verskeidenheid bekwaamhede van die Gees waardeur Hy elke gelowige in staat stel om met bepaalde bedieninge in die kerk diensbaar te wees (Ef 4:7; 1 Pet 4:10). Nie alles genadegawes word in 'n besondere diens vasgelê nie en daarom het die funksionering van genadegawes in die kerk wyer as die besondere dienste gegaan. In die Skrifgedeeltes wat die algemene en besondere dienste in meer besonderhede vermeld word die vrou by beide dienste nie uitgesluit nie (Ef 4:8-11; 1 Kor 12:12-30). Daar is geen aanduiding in die Nuwe Testament dat die vrou haar charismata (genadegawes) alleen in die algemene dienste moet beoefen nie.
- 4.12.2.9 Christus is die enigste Hoof van die kerk (Ef 1:22; Kol 1:18) en met sy gesag regeer Hyself die kerk. Hy dra nooit sy gesag aan 'n mens oor nie, maar Hy gebruik mense in die besondere dienste om sy gesag te bedien. Die gesag van die ouderling en predikant is altyd dienend van aard. Die gesag is "so sê die Here", en is nie geleë in die gesag van die predikant of ouderling as persoon nie. Dit is eweneens nie die gesag van die man oor die vrou, of die gesag van die vrou oor die man nie, aangesien die gesag wat bedien word, word nooit aan 'n persoon oorgedra nie.
- 4.12.2.10 In die Nuwe-Testamentiese kerk het profete en die beoefening van die profetiese gawe 'n belangrike plek ingeneem. Profesie het veral die gesagvolle uitleg en toepassing van die Woord in vermaning, bemoediging en lering tot opbou van die gemeente behels. Vroue het van die Gees ook profetiese gawes ontvang en dit in die algemene en besondere dienste in die gemeente beoefen (1 Kor 11:5; 12:28).
- 4.12.2.11 In 1 Kor 14:34 en 1 Tim 2:12 stel Paulus die beginsel dat die man die hoof van die vrou in die huwelik is. In beide Skrifgedeeltes hanteer hy 'n tydgerigte ordereëling (toepassing/ praktiese gestaltegewing) van die beginsel, soos in 1 Kor 11:2-16 (die dra van 'n hoofbedekking), oor die vrou se optrede in die erediens. Dit bevestig dat die vrou in die kerk nie tot voortdurende stilswye geroep is nie, maar om wel so in die gemeente te praat dat sy nie daardeur haar man se hoofskap minag nie.
- 4.12.2.12 Volgens 1 Kor 11:3 is alle mans nie die hoof van alle vroue nie, maar is die man die hoof van sy eie vrou in die huwelik. Hoofskap het in 1 Kor 11 die implikasie dat die man, uit wie die vrou geskep is, in die huwelik die leier en voorganger is.
- 4.12.2.13 Dit is nie moontlik om op grond van Rom 16:7 'n eenduidige keuse te maak tussen die moontlikhede dat Junia(s) by die apostels bekend was of dat hy/sy as 'n apostel bekend was nie. Die frase "hulle is hoog aangeskrewe by die apostels" in vers 7 sluit nie die moontlikheid uit nie dat Junia(s) 'n apostel kon wees wat leediens verrig het.

- 4.12.3 Met die oog op besluitneming behoort die volgende ook in ag geneem te word:
- 4.12.3.1 Die standpunt word soms geopper dat Jesus slegs mans as sy dissipels geroep het en daarom is dit duidelik dat vroue nie in besondere dienste mag dien nie. Hierdie soort van beredenering staan bekend as 'n *argumentum e silentio* wat selde as 'n deurslaggewende of selfs 'n sterk argument geag word. Die kernpunt is dat Jesus die "slegs mans" nooit Self beredeneer of motiveer nie. Daar is ook ander sake, selfs leerstellige sake, wat vanuit breër Skrifgegewens as geldig beoordeel word, terwyl daar nie direkte opdragte daarvoor of daarteen is nie.
- 4.12.3.2 Met besluitneming is die oproep altyd daar om nie die gewetens van mense te bind met standpunte wat nie volgens die Skrif is nie. Gewetensbinding is wanneer 'n bepaalde saak as 'n verbod of 'n gebod vanuit die Bybel gemotiveer word, terwyl dit nie regtig met sekerheid Bybels begrond kan word nie. Dit het die Deputate met hierdie studie deurgaans nederig op die knieë gehou wetende dat 'n besluit alleen geseënde vrug kan dra as dit volgens die Woord is.
- 4.12.3.3 Die besluit van die Sinode oor die vrou in die kerk is primêr 'n prinsipiële besluit. Dit beteken nie dat elke gemeente nou verplig is om dit in die praktyk tot uitvoering te bring nie. As prinsipiële besluit moet dit steeds in die nouste verband met die misterie van die goddelike roeping gesien word. Vroue wat vandag die inwendige roeping tot die besondere dienste het kan en mag hulle ook daartoe met verdere studie bekwaam. Die inwendige roeping moet egter deur die uitwendige roeping deur of in 'n gemeente bevestig word. Dit geskied na opregte gebed, na goeie ondersoek, volgens die beskikbaarheid van gawes, die nood van die bediening, eiesoortige omstandighede en die verkiesing deur die gemeente. En bo alles is dit die vrymag en soewereiniteit van God wat mense in sy kerk roep en gebruik. In die Rapport van 1988 het die opstellers, na deeglike studie, dit soos volg onder woorde gebring: "Dit is die Here wat sy diensknegte roep en hulle met gawes van sy Gees toerus om in sy kerk en koninkryk te dien. Soos Hy dit ten tye van die Ou- en moontlik in die Nuwe-Testamentiese kerk gedoen het – al was dit by wyse van uitsondering – so kan Hy in sy vrymag vandag ook nog vroue in sy diens roep en gebruik."
- 4.12.3.4 Hierdie Rapport is openbaar en is daar om getoets en beoordeel te word, ook nog lank na die Sinode 2006. Die versoek van die Deputate is: Beoordeel die Rapport nugter en in sy geheel. Dit is boustene wat op mekaar en in mekaar pas. Die hermeneutiese uitgangspunte soos in hierdie Rapport verwoord, was ons eerlike erns.

4.13 Aanbevelings

- 4.13.1 Met bostaande samevattende gevolgtrekkings as motivering toon die gesamentlike getuienis van ter saaklike Skrifgegewens:
- 4.13.1.1 Dat geslagtelikheid geen deurslaggewende rol speel by wie tot die besondere dienste verkiesbaar is nie.
- 4.13.1.2 Dat sodanige Skrifgegewens geen verbod of verhinderende gee waarom vroue nie tot die besondere dienste verkies kan word nie.

5. Kerkregtelike implikasies van Sinodebesluit oor die vrou as diaken

- 5.1 **Opdrag:** Die Sinode gee aan die te benoemde Deputate opdrag
- Om die nodige wysigings in die Kerkorde aan te bring en
 - Om die nodige wysigings in die bevestigingsformuliere vir diakens aan te bring.
 - Die implikasies van die reëling van KO, art 38 vir hulpouderlinge moet verreken word (vgl 3.1.3, pt 11).
- 5.2 Ten opsigte van opdrag a). KO, artt 25 en 26 wat oor die dienswerk van diakens handel, is geskryf sonder verwysings na geslagtelikheid, en gevolglik is daar geen redaksionele wysigings nodig nie.
- 5.3 Ten opsigte van opdrag c). Kerkrade pas KO, art 38 toe in die lig van bestaande Sinodebesluite.
- 5.4 Bevestigingsformulier (Opdrag b) hierbo).
- 5.4.1 Beredenering
- 5.4.1.1 Terme wat net manlike diakens veronderstel, moet gewysig word om albei geslagte aan te dui.
- 5.4.1.2 Aanbevelings
- 5.4.1.2.1 Dat die volgende wysigings aangebring word:
- Sin 1, reël 2 – “medebroeder(s)” moet “medebroers(s)/-suster(s)” word.
 - Par 1, reël 4 – “hy/hulle” moet “hy/sy/hulle” word.
 - Par 1, reël 5 – “sy/hulle” moet “sy/haar/hulle” word.
 - Par 1, reël 7 – “sy/hulle” moet “sy/haar/hulle” word.
 - Par 1, reël 8 – “hom/hulle” moet “hom/haar/hulle” word.
 - Par 1, reël 8 – “sy/hulle” moet “sy/haar/hulle” word.
 - Par 1, reël 9 – “broeder(s)” moet “broer(s)/suster(s)” word.
 - Par 4, reël 1 – “broeder(s)” moet “broer(s)/suster(s)” word.
 - By die vermaning, par 3, moet “man(ne)” “broer(s)/suster(s)” word, eerder as “man(ne)/ vrou(e)”, want geslag is nou uitgeskakel.
 - By die gebed, reël 1 – “man(ne)” moet “broer(s)/suster(s)” word.
 - By die gebed, reël 3 – “hom/hulle” moet “hom/haar/hulle” word.
 - By die gebed, reël 3 – “hy/hulle” moet “hy/sy/hulle” word.
 - By die gebed, reël 4 – “sy/hulle” moet “sy/haar/hulle” word.
 - By die gebed, reël 4 – “hom/hulle” moet “hom/haar/hulle” word.
 - By die gebed, reël 6 – “hom/hulle” moet “hom/haar/hulle” word.
 - By die gebed, reël 6 – “hom/hulle” moet “hom/haar/hulle” word.

Rapport 2: Insake die Hervertaling van die Belydenisskrifte

Ds PH Fick het kennis gegee dat hierdie ‘n voorgaande opdrag is, wat nie voor die Sinode 2006 afgehandel sal wees nie. ‘n Vorderingsverslag word nog afgewag.

Rapport 3: Insake die Kerklied

Dr SP van der Walt (Benoni-Noord) het kennis gegee dat hierdie Rapport eers gereed sal wees vir die Aanvullende Agenda, veral vanweë die ongesteldheid van die aangewese sameroeper, dr IL Bekker.

Rapport 4: Insake Alternatiewe Formuliere

Dr PP Kruger (Meyerspark) het kennis gegee dat hierdie Rapport later ingehandig sal word, moontlik nog betyds vir die Agenda.

Rapporteur: Dr AJ Krüger.